Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

Price 10c Prys
Overseas 15c Oorsee
POST FREE — POSVRY

VOL. X.] PRETORIA, 11 OCTOBER / 11 OKTOBER 1963. [No 625.

PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 278, 1963.]

DEPROCLAMATION OF LAND AS AN ALLUVIAL DIGGING.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *thirty* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I hereby declare that the land described in the attached Schedule, situate in the Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, and proclaimed as "Winter's Rush" Alluvial Diggings by Proclamation No. 99 of 1921, shall be closed and deproclaimed as an alluvial digging for precious stones as from the first day after the publication of this proclamation in the *Government Gazette;*

And further, under the powers vested in me by paragraph (*b*) of the said section *thirty* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I hereby declare that the land thus deproclaimed, shall be subject to the provision that the use of an area of ground, approximately 1·05 morgen in extent and as indicated by the letters W, X, Y, Z on the sketch plan referred to herein, together with all Government Buildings thereon, is reserved to the Republic of South Africa until abandoned by the Minister of Mines by notice in the *Government Gazette.*

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein this Twenty-first day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

N. DIEDERICHS.
M.M. 27/2/145.

SCHEDULE.

Description of Land.	*Extent.*	*Registered Owner.*
Portion 7 (formerly Portion G) of the farm Syferfontein No. 2, Registration Division H.P., District of Wolmaransstad, as shown on sketch plan R.M.T. No. 2461	272 morgen 5 square roods	Theodorus Hermanus de Koker.

M.M. 27/2/145.

PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 278, 1963.]

DEPROKLAMASIE VAN GROND AS 'N ALLUVIALE DELWERY.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *dertig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927,) verklaar ek hierby dat die grond in bygaande Bylae beskryf en geleë in die myndistrik Klerksdorp, provinsie Transvaal, naamlik grond wat by Proklamasie No. 99 van 1921 tot die "Winter's Rush Alluviale Delverijen" geproklameer is, met ingang van die eerste dag na publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant* as 'n alluviale delwery vir edelgesteentes gesluit en gedeproklameer is;

En voorts verklaar ek hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*b*) van gemelde artikel *dertig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), dat die aldus gedeproklameerde grond onderworpe is aan die bepaling dat die gebruik van 'n stuk grond, ongeveer 1·05 morg groot en soos aangetoon met die letters W, X, Y, Z op die sketskaart hierin genoem, tesame met alle Goewermentsgeboue daarop, deur die Republiek van Suid-Afrika voorbehou word tot tyd en wyl dit deur die Minister van Mynwese by kennisgewing in die *Staatskoerant* opgegee word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hede die Een-en twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

N. DIEDERICHS.
M.M. 27/2/145.

BYLAE.

Beskrywing van grond.	*Grootte.*	*Geregistreerde eienaar.*
Gedeelte 7 (voorheen Gedeelte G) van die plaas Syferfontein No. 2, Registrasieafdeling H.P., Distrik Wolmaransstad, soos aangetoon op sketskaart R.M.T. No. 2461	272 morg 5 vierkante roede	Theodorus Hermanus de Koker.

M.M. 27/2/145.

No. 279, 1963.]

DECLARATION OF A NATIONAL ROAD.—PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

Whereas in terms of sub-section (1) of section *four* of the National Roads Act, 1935 (Act No. 42 of 1935), as amended, the National Transport Commission, appointed under section *three* of the Transport (Co-ordination) Act, 1948 (Act No. 44 of 1948), as amended, has, after consultation with the Administrator of the Province of the Cape of Good Hope, in terms of sub-section (1) of section *four* of the first-mentioned Act and sub-paragraph (*a*) of paragraph (i) of section *nine* of the last-mentioned Act, recommended that the part of a road described in the Schedule annexed hereto be declared to be a national road;

And whereas the construction or reconstruction or the proper maintenance of the part of a road described in the Schedule annexed hereto is, in my opinion, necessary in the national interest;

Now, therefore, under and by virtue of the power in me vested by paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *four* of the first-mentioned Act, I hereby declare that the part of a road described in the Schedule annexed hereto, shall be a national road with effect from the date of promulgation hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on this Twenty-first day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

B. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE.

PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

In this Schedule, unless the context clearly indicates another meaning—

"Main Road" means a road in terms of the Roads Ordinance, 1949 (Ordinance No. 12 of 1949), as amended, and in accordance with the provisions of any other Ordinance;

"Proclamation" means a Proclamation by the Administrator of the Province of the Cape of Good Hope.

Provincial Number.	*Division.*	*Description of Part of Road.*
Public Road	Namaqualand	A line of road, commencing at the junction of Main Road No. 11 and Main Road No. 15 on the Steinkopf Mission Reserve, thence proceeding in a general north-north-easterly direction for a distance of about 14·0 miles over the said Steinkopf Mission Reserve, thence proceeding in a general north-north-westerly direction over the said Steinkopf Mission Reserve to its junction with Main Road No. 11 on Vioolsdrift South Gr. 235/1948, where it terminates at a point near the bridge over the Orange River at Vioolsdrift (a total length of about 40·0 miles). (Portion of Route 11, Section 9.)

No. 280, 1963.]

EXCISION OF PORTION OF RELEASED AREA No. 22, DISTRICT OF GROBLERSDAL, AND SUBSTITUTION THEREFOR OF CERTAIN OTHER LAND.

Wheras I am satisfied that it is in the public interest that the land described in the accompanying Schedule A of a total extent of 2,248·6828 morgen, which forms portion of Released Area No. 22, District of Groblersdal (formerly the Districts of Pretoria and Waterberg), as defined in the First Schedule to the Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), as amended, should be excised from the said released area;

No. 279, 1963.]

VERKLARING TOT 'N NASIONALE PAD.—PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

Nademaal die Nasionale Vervoerkommissie, benoem ingevolge die bepalings van artikel *drie* van die Wet op die Koördinering van Vervoer, 1948 (Wet No. 44 van 1948), soos gewysig, na oorlegpleging met die Administrateur van die provinsie Kaap die Goeie Hoop ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *vier* van die Wet op Nasionale Paaie, 1935 (Wet No. 42 van 1935), soos gewysig, en subparagraaf (*a*) van paragraaf (i) van artikel *nege* van eersgenoemde Wet, aanbeveel het dat dié deel van 'n pad wat in bygaande Bylae omskryf word, tot 'n nasionale pad verklaar word;

En nademaal dit volgens my oordeel in die nasionale belang noodsaaklik is dat dié deel van 'n pad in bygaande Bylae omskryf, aangelê of vernuwe of behoorlik in stand gehou moet word;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *vier* van laasgenoemde Wet, hierby verklaar dat dié deel van 'n pad wat in bygaande Bylae omskryf word, met ingang van die datum van afkondiging hiervan 'n nasionale pad is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hede die Een-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

B. J. SCHOEMAN.

BYLAE.

PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

In hierdie Bylae, tensy dit duidelik uit die samehang blyk dat dit 'n ander betekenis het, beteken—

„Hoofpad" 'n pad ooreenkomstig die bepalings van die Oordonnansie op Paaie, 1949 (Ordonnansie No. 12 van 1949), soos gewysig, en ooreenkomstig die bepalings van enige ander Ordonnansie;

„Proklamasie" 'n Proklamasie van die Administrateur van die provinsie Kaap die Goeie Hoop.

Provinsiale Nommer.	*Afdeling.*	*Beskrywing van deel van pad.*
Openbare pad	Namakwaland	'n Padlyn wat begin by die aansluiting van Hoofpad No. 11 en Hoofpad No. 15 op die Steinkopf Mission Reserve en daarvandaan vir 'n afstand van ongeveer 14·0 myl in 'n algemeen noord-noord-oostelike rigting loop oor genoemde Steinkopf Mission Reserve, daarvandaan in 'n algemeen noord-noordwestelike rigting oor genoemde Steinkopf Mission Reserve tot by sy aansluiting met Hoofpad No. 11 op Vioolsdrift-Suid Gr. 235/1948, waar dit eindig by 'n punt naby die brug oor die Oranje-rivier by Vioolsdrift ('n totale afstand van ongeveer 40·0 myl). (Gedeelte van Roete 11, Seksie 9.)

No. 280, 1963.]

DIE WEGNEEM VAN GEDEELTE VAN OOPGESTELDE GEBIED No. 22, DISTRIK GROBLERSDAL, EN DIE VERVANGING DAARVAN DEUR SEKERE ANDER GROND.

Nademaal ek daarvan oortuig is dat dit in die openbare belang is dat die grond beskryf in bygaande Bylae A waarvan die totale grootte 2,248·6828 morg is, wat deel uitmaak van Oopgestelde Gebied No. 22, distrik Groblersdal (voorheen die distrikte Pretoria en Waterberg), soos omskryf in die Eerste Bylae van die Naturelletrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), soos gewysig, uit genoemde oopgestelde gebied weggeneem word;

And whereas land in the District of Groblersdal, described in the accompanying Schedule B, of a total extent of 3,834·1633 morgen, being land referred to in paragraph (*c*) of sub-section (2) of section *ten* of the said Act, has been acquired by the South African Native Trust in substitution for, and is of a pastoral or agricultural value at least equivalent to, the land described in the said Schedule A;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by sub-section (2) of section *two* of the said Act, I hereby declare that the land described in the said Schedule A is hereby excised from Released Area No. 22, and that the land described in the said Schedule B shall be added to and included in Released Area No. 33 in the District of Groblersdal, in substitution therefor.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on this Fifteenth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. D. C. DE W. NEL.

SCHEDULE A.

The following portions of Goederede No. 60, Registration Division JS, in the District of Groblersdal:—

1. The remainder of Portion 165, in extent 360·9064 morgen.
2. The remainder of Portion 166, in extent 279·6464 morgen.
3. Portion 170, in extent 67·1300 morgen.
4. Portion 171, in extent 58·9600 morgen.
5. Portion 172, in extent 688·6100 morgen.
6. Portion 173, in extent 760·9100 morgen.
7. Portion 174, in extent 32·5200 morgen.

SCHEDULE B.

The following farms in the District of Groblersdal:—

1. The remaining portion of Varschwater No. 23, Registration Division JS, in extent 2,834·1633 morgen.
2. Portion 1 of Tusschenin No. 21, Registration Division JS, in extent 1,000 morgen.

En nademaal grond in die distrik Groblersdal, beskryf in bygaande Bylae B, waarvan die totale grootte 3,834·1633 morg is, synde grond waarvan in paragraaf (*c*) van subartikel (2) van artikel *tien* van genoemde Wet melding gemaak is, deur die Suid-Afrikaanse Naturelletrust verkry is in die plek van, en van minstens 'n gelyke veeteelt- of landbouwaarde is as, die grond beskryf in genoemde Bylae A;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (2) van artikel *twee* van genoemde Wet, hierby verklaar dat die grond beskryf in genoemde Bylae A hierby weggeneem word uit Oopgestelde Gebied No. 22, en dat die grond in genoemde Bylae B beskryf, toegevoeg word en ingesluit word by Oopgestelde Gebied No. 33 in die distrik Groblersdal ter vervanging daarvan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hede die Vyftiende dag van September Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

M. D. C. DE W. NEL.

BYLAE A.

Ondervermelde gedeeltes van Goederede No. 60, Registrasie-afdeling JS, in die distrik Groblersdal:—

1. Die restant van Gedeelte 165, groot 360·9064 morg.
2. Die restant van Gedeelte 166, groot 279·6464 morg.
3. Gedeelte 170, groot 67·1300 morg.
4. Gedeelte 171, groot 58·9600 morg.
5. Gedeelte 172, groot 688·6100 morg.
6. Gedeelte 173, groot 760·9100 morg.
7. Gedeelte 174, groot 32·5200 morg.

BYLAE B.

Ondervermelde plase in die distrik Groblersdal:—

1. Die resterende gedeelte van Varschwater No. 23, Registrasie-afdeling JS, groot 2,834·1633 morg.
2. Gedeelte 1 van Tusschenin No. 21, Registrasie-afdeling JS, groot 1,000 morg.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 1556.] [11 October 1963.

SEA-SHORE ACT, 1935.—GRANTING OF AUTHORITY TO CERTAIN LOCAL AUTHORITIES IN THE DIVISION OF MOSSEL BAY TO MAKE REGULATIONS.

I, PAUL OLIVER SAUER, Minister of Lands in the Republic of South Africa, hereby authorise—

(i) the Municipality of Mossel Bay,
(ii) the Divisional Council of Mossel Bay, and
(iii) the Local Board of Great Brak River,

by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *ten* of the Sea-shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935), to make, with my approval, regulations which shall be applicable to the seashore and the sea situate within or adjoining the areas of jurisdiction of the said local authorities.

P. O. SAUER,
Minister of Lands.

(D. 16328/123.)

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 1556.] [11 Oktober 1963.

STRANDWET 1935.—VERLENING VAN MAGTIGING AAN SEKERE PLAASLIKE BESTURE IN DIE AFDELING MOSSELBAAI OM REGULASIES UIT TE VAARDIG.

Ek, PAUL OLIVER SAUER, Minister van Lande in die Republiek van Suid-Afrika, magtig hierby—

(i) die Munisipaliteit Mosselbaai,
(ii) die Afdelingsraad van Mosselbaai, en
(iii) die Plaaslike Bestuur van Groot-Brakrivier,

kragtens die bevoegdhede my verleen by subartikel (1) van artikel *tien* van die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935), om met my goedkeuring regulasies uit te vaardig wat van toepassing sal wees op die strand en die see wat binne die regsgebiede van gemelde plaaslike besture geleë is of daaraan grens.

P. O. SAUER,
Minister van Lande.

(D. 16328/123.)

No. 1558.] [11 October 1963.

PROPOSED GRANTING OF PERMISSION TO MESSRS. SEA PLANT PRODUCTS (PTY.), LTD., TO HARVEST SEAWEED ALONG THE SEA-SHORE ADJOINING THE DIVISION OF ALEXANDRIA AND THE TRANSKEIAN TERRITORIES.

Notice is hereby given, in terms of section *three* (5) of the Sea-shore Act, 1935, that the Minister of Lands proposes to grant permission to the Company Sea Plant Products (Pty.), Ltd., of Cape Town to harvest seaweed along the following portions of seashore:—

(*a*) A 3-mile stretch between the Bushman's River Mouth and Kwaaihoek, Division of Alexandria;
(*b*) a 15-mile stretch between the Umtamvuna and Mtento Rivers, District of Bizana, Transkei; and
(*c*) a 20-mile stretch between the Shixini River, District of Willowvale, and the Kobonqabara River, District of Kentani, Transkei.

(Lands D. 16328/50/6.)

No. 1559.] [11 October 1963.

RESUMPTION OF THE REMAINDER OF THE FARM PUNZANA, DIVISION OF KING WILLIAM'S TOWN.

It is hereby notified that the State President has approved, in terms of section *three* (1) of Act No. 41 of 1902 (Cape), of the cancellation of the outspan servitude and the resumption of the remainder of the farm Punzana, situate in the Division of King William's Town, Province of the Cape of Good Hope, 252·3611 morgen in extent.

(Lands D. 7308/2.)

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

No. 1566.] [11 October 1963.

The State President has been pleased to grant recognition on the 15th August, 1963, to Mr. August Christian Mohr as Consul-General of Norway in Cape Town with jurisdiction over the Republic of South Africa and the Territory of South West Africa in anticipation of the issuance to him of an Exequatur. Mr. Mohr is the successor of Mr. Erik Colban.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1562.] [11 October 1963.

3 PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 1960/70.—CERTIFICATE No. 162 FOR R20 ISSUED IN FAVOUR OF CORNELIUS JACOB ROODMAN.

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this Notice, a duplicate as applied for, will be issued.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 1557.] [11 October 1963.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED: SON CHONG TO TING CHONG.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Que Son Chong, residing at 22 Juta Road, Korsten, Port Elizabeth, to assume the surname of Ting Chong.

No. 1558.] [11 Oktober 1963.

VOORGESTELDE VERLENING VAN TOESTEMMING AAN DIE FIRMA SEA PLANT PRODUCTS (PTY.), LTD., OM SEEWIER LANGS DIE STRAND GRENSENDE AAN DIE AFDELING ALEXANDRIA EN DIE TRANSKEIGEBIEDE TE OES.

Hierby word ingevolge artikel *drie* (5) van die Strandwet, 1935, bekendgemaak dat die Minister van Lande van voorneme is om toestemming aan die maatskappy Sea Plant Products (Pty.), Ltd., van Kaapstad te verleen om seewier langs die volgende stukke strand te oes:—

(*a*) 'n Gedeelte van 3 myl tussen die Boesmansriviermond en Kwaaihoek, afdeling Alexandria;
(*b*) 'n gedeelte van 15 myl tussen die Umtamvuna- en die Mtentorivier, distrik Bizana, Transkei; en
(*c*) 'n gedeelte van 20 myl tussen die Shixinirivier, distrik Willowvale, en die Kobonqabararivier, distrik Kentani, Transkei.

(Lande D. 16328/50/6.)

No. 1559.] [11 Oktober 1963.

TERUGNEEM VAN DIE RESTANT VAN DIE PLAAS PUNZANA, AFDELING KING WILLIAM'S TOWN.

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ooreenkomstig artikel *drie* (1) van Wet No. 41 van 1902 (Kaap), sy goedkeuring geheg het aan die opheffing van die uitspanningserwituut en die terugneem van die restant van die plaas Punzana, geleë in die afdeling King William's Town, Provinsie die Kaap die Goeie Hoop, groot 252·3611 morg.

(Lande D. 7308/2.)

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 1566.] [11 Oktober 1963.

Dit het die Staatspresident behaag om op 15 Augustus 1963 erkenning te verleen aan mnr. August Christian Mohr as Konsul-generaal van Noorweë in Kaapstad met die Republiek van Suid-Afrika en die gebied Suidwes-Afrika as sy regsgebied in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Erkenningsbesluit. Mnr. Mohr is die opvolger van mnr. Erik Colban.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 1562.] [11 Oktober 1963.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE 3-PERSENT-EFFEKTE 1960/70.—SERTIFIKAAT No. 162 VIR R20, UITGEREIK TEN GUNSTE VAN CORNELIUS JACOB ROODMAN.

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor of verlê is, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1557.] [11 Oktober 1963.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG: SON CHONG IN TING CHONG.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Que Son Chong, woonagtig te Jutaweg 22, Korsten, Port Elizabeth, te magtig om die van Ting Chong aan te neem.

No. 1569.] [11 October 1963.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED: VAN SCHALKWYK TO CAMPBELL.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Herbert Peter van Schalkwyk, residing at 33 Fanny Avenue, Norwood, Johannesburg, to assume the surname of Campbell.

DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

No. 1554.] [11 October 1963.

PROCLAMATION OF A MONUMENT.

By virtue of the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *eight* of the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (Act No. 4 of 1934), as amended, I hereby proclaim the interdenominational chapel at the hospital, Kimberley, to be a monument.

DESCRIPTION.

Chapel, Kimberley: Situate on a portion of the following property, registered in the name of the Municipality of Kimberley, by virtue of Certificate of Registered Title No. 212/1959, dated 28th April, 1959:—

Portion 240, also known as Leasehold Plot No. 1017, of the farm Bultfontein, situate in the Municipality and Division of Kimberley, measuring 683·3313 morgen.

HISTORICAL INTEREST.

The Chapel is proclaimed to be a monument to commemorate the pioneer work of Sister Henrietta Stockdale for the training of nurses and in recognition of the profession in South Africa.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Education,
Arts and Science.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1549.] [11 Oktober 1963.

CONSTITUTION OF COURT OF BANTU AFFAIRS COMMISSIONER AT HENNENMAN.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-sections (1), (2) and (3) of section *ten* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), I, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, hereby—

(*a*) constitute a Court of Bantu Affairs Commissioner at Hennenman and declare that the area in which the said Court shall have jurisdiction, shall be the Magisterial District of Hennenman;

(*b*) repeal Government Notice No. 2586 of 1948.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister of Bantu Administration
and Development.

N.105/1263.
N.105/1715.
N.105/1359.

No. 1569.] [11 Oktober 1963.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG: VAN SCHALKWYK IN CAMPBELL

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Herbert Peter van Schalkwyk, woonagtig te Fannylaan 33, Norwood, Johannesburg, te magtig om die van Campbell aan te neem.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

No. 1554.] [11 Oktober 1963.

PROKLAMERING VAN 'N GEDENKWAARDIGHEID.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (Wet No. 4 van 1934), soos gewysig, proklameer ek hierby die interkerklike kapel by die hospitaal, Kimberley, as 'n gedenkwaardigheid.

BESKRYWING.

Kapel, Kimberley: Geleë op 'n gedeelte van die volgende eiendom, geregistreer op naam van die Munisipaliteit van Kimberley, kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Titel No. 212/1959, gedateer 28 April 1959:—

Gedeelte 240, ook bekend as Huurpagperseel No. 1017, van die plaas Bultfontein, geleë in die munisipaliteit en afdeling Kimberley, groot 683·3313 morg.

HISTORIESE BELANG.

Ter herdenking van die pionierswerk deur sister Henrietta Stockdale vir die opleiding van verpleegsters en ter amptelike erkenning van die beroep in Suid-Afrika, word die Kapel as 'n gedenkwaardigheid geproklameer.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Onderwys,
Kuns en Wetenskap.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1549.] [11 Oktober 1963.

INSTELLING VAN BANTOESAKEKOMMISSARISHOF TE HENNENMAN.

Ek, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikels (1), (2) en (3) van artikel *tien* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927)—

(*a*) stel hierby 'n Bantoesakekommissarishof te Hennenman in en bepaal dat die gebied waarin genoemde hof regsmag het, die landdrosdistrik Hennenman is; en

(*b*) herroep hierby Goewermentskennisgewing No. 2586 van 1948.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling.

N.105/1263.
N.105/1715.
N.105/1359.

No. 1552.] [11 October 1963.

NATIVES (ABOLITION OF PASSES AND CO-ORDINATION OF DOCUMENTS) ACT, 1952 (ACT No. 67 OF 1952).—AMENDMENT OF REGULATIONS.

The State President has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section *twelve* of the Natives (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952 (Act No. 67 of 1952), as amended, to approve the further amendment in accordance with the accompanying Schedule of the regulations published under Government Notice No. 1903 of 1957, as amended by Government Notice No. 719 of 1959.

SCHEDULE.

Regulation 17.

Insert the following new paragraphs after paragraph (*d*) of sub-regulation (1) (v):—

"(*e*) Old age pension number.....
Office date stamp.
Signature, Bantu Affairs Commissioner.....
(*f*) Invalidity/Disability grant number.....
Office date stamp.
Signature, Bantu Affairs Commissioner.....
(*g*) Blind pension number.....
Office date stamp.
Signature, Bantu Affairs Commissioner.....
(*h*) Needy ex-soldier grant number.....
Office date stamp.
Signature, Bantu Affairs Commissioner.....
(*i*) Leprosy grant number.....
Office date stamp.
Signature, Bantu Affairs Commissioner.....
(*j*) Pneumoconiosis award number.....
Office date stamp.
Signature, Bantu Affairs Commissioner.....
(*k*) Maintenance allowance number.....
Office date stamp.
Signature, Bantu Affairs Commissioner.....
(*l*) Foster parent allowance number.....
Office date stamp.
Signature, Bantu Affairs Commissioner....."

No. 1553.] [11 October 1963.

MAGISTRATE'S COURT, PEDDIE.—WITHDRAWAL OF THE INDICATION OF BELL AS A PLACE OF SITTINGS.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*h*) of section *two* of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), as amended, I, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, hereby repeal Proclamation No. 112 of 1893 and Government Notice No. 300 of 1893.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister of Bantu Administration and Development.

N. 105/1515.

No. 1565.] [11 October 1963.

MUNICIPALITY OF POTCHEFSTROOM (TVL.).—ABOLITION OF NATIVE LOCATION.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of sub-section (2) of section *three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended, approved the abolition of the Native location established in the area under the jurisdiction of the Town Council of Potchefstroom under Government Notice No. 47 of the 9th February, 1942.

Government Notice No. 1414 of the 9th August, 1929, and No. 47 of the 9th February, 1942, is hereby repealed.

No. 1552.] [11 Oktober 1963.

NATURELLE (AFSKAFFING VAN PASSE EN KOÖRDINERING VAN DOKUMENTE) WET, 1952 (WET No. 67 VAN 1952).—WYSIGING VAN REGULASIES.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *twaalf* van die Naturelle (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) Wet, 1952 (Wet No. 67 van 1952), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die verdere wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1903 van 1957, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 719 van 1959, ooreenkomstig bygaande Bylae.

BYLAE.

Regulasie 17.

Voeg die volgende nuwe paragrawe na paragraaf (*d*) van subregulasie (1) (v) in:—

„(*e*) Ouderdomspensioennommer.....
Kantoordatumstempel.
Handtekening, Bantoesakekommissaris.....
(*f*) Ongeskiktheidstoelaenommer.....
Kantoordatumstempel.
Handtekening, Bantoesakekommissaris.....
(*g*) Blindepensioennommer.....
Kantoordatumstempel.
Handtekening, Bantoesakekommissaris.....
(*h*) Behoeftige oud-soldaattoelaenommer.....
Kantoordatumstempel.
Handtekening, Bantoesakekommissaris.....
(*i*) Leprosetoelaenommer.....
Kantoordatumstempel.
Handtekening, Bantoesakekommissaris.....
(*j*) Pneumokoniosetoekenningnommer.....
Kantoordatumstempel.
Handtekening, Bantoesakekommissaris.....
(*k*) Onderhoudstoelaenommer.....
Kantoordatumstempel.
Handtekening, Bantoesakekommissaris.....
(*l*) Pleegouertoelaenommer.....
Kantoordatumstempel.
Handtekening, Bantoesakekommissaris....."

No. 1553.] [11 Oktober 1963.

LANDDROSHOF, PEDDIE.—INTREKKING VAN DIE AANWYSING VAN BELL AS 'N PLEK VAN SITTINGS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*h*) van artikel *twee* van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), soos gewysig, herroep ek, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby Proklamasie No. 112 van 1893 en Goewermentskennisgewing No. 300 van 1893.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

N. 105/1515.

No. 1565.] [11 Oktober 1963.

MUNISIPALITEIT VAN POTCHEFSTROOM (TVL.).—AFSKAFFING VAN NATURELLELOKASIE.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens subartikel (2) van artikel *drie* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afskaffing van die Naturellelokasie wat by Goewermentskennisgewing No. 47 van 9 Februarie 1942 in die gebied onder die beheer van die Stadsraad van Potchefstroom gestig is.

Goewermentskennisgewings No. 1414 van 9 Augustus 1929 en No. 47 van 9 Februarie 1942 word hierby herroep.

No. 1567.] [11 October 1963.

MUNICIPALITY OF GRASKOP.—ESTABLISHMENT OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), approved the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Graskop, as a location and Native village, of a certain area of land, 126·3611 morgen in extent, on a portion of the farm Graskop No. 564—K.T., situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under No. A.3591/62.

Reference No. A.19/1228.

No. 1568.] [11 October 1963.

MUNICIPALITY OF DE AAR.—ABOLITION OF NATIVE LOCATION.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of sub-section (2) of section *three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, approved the abolition of the Native location established in the area under the jurisdiction of the Town Council of De Aar under Government Notice No. 226 of the 1st February, 1946.

Government Notice No. 226 of the 1st February, 1946, is hereby repealed.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

No. 1551.] [11 October 1963.

SAND RIVER IRRIGATION DISTRICT, DISTRICT OF NELSPRUIT, TRANSVAAL.—ASSIGNMENT OF FUNCTIONS, POWERS OR DUTIES.

In terms of sub-section (1) of section *eighty-nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), I, PIETER MATTHEUS KRUGER LE ROUX, Minister of Water Affairs, hereby assign to the Sand River Irrigation Board, District of Nelspruit, Transvaal, the functions, powers or duties as described in paragraphs (*a*), (*b*), (*c*), (*d*), (*e*), (*f*) and (*g*) of sub-section (1) of the said section *eighty-nine*.

P. M. K. LE ROUX,
Minister of Water Affairs.

No. 1550.] [11 October 1963.

BUFFELSPOORT GOVERNMENT WATER SCHEME.

ALLOCATION OF WATER QUOTA FOR THE WATER YEAR 1ST APRIL, 1963, TO 31ST MARCH, 1964.

The Minister of Water Affairs has, in terms of section *sixty-three* (2) (*b*) and (3) of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), determined that a water quota of ten (10) cusec-hours per morgen be allocated in respect of all scheduled properties under the above-mentioned scheme for the water year 1st April, 1963, to 31st March, 1964, of which four (4) cusec-hours will be made available immediately and the balance in the course of the water year in proportion to the inflow into the Buffelspoort dam.

This notice is in substitution for Government Notice No. 570 of 23rd August, 1963.

No. 1567.] [11 Oktober 1963.

MUNISIPALITEIT VAN GRASKOP.—STIGTING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het, kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Graskop 'n sekere stuk grond, 126·3611 morg groot, geleë op 'n gedeelte van die plaas Graskop No. 564—K.T., binne die gebied onder die gesag van genoemde stedelike plaaslike bestuur en soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder No. A.3591/62 goedgekeur is, as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê.

Verwysingsnommer A.19/1228.

No. 1568.] [11 Oktober 1963.

MUNISIPALITEIT VAN DE AAR.—AFSKAFFING VAN NATURELLELOKASIE.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het, kragtens subartikel (2) van artikel *drie* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afskaffing van die Naturellelokasie wat kragtens Goewermentskennisgewing No. 226 van 1 Februarie 1946 in die gebied onder die beheer van die Stadsraad van De Aar gestig is.

Goewermentskennisgewing No. 226 van 1 Februarie 1946, word hierby herroep.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. 1551.] [11 Oktober 1963.

SANDRIVIER-BESPROEIINGSDISTRIK, DISTRIK NELSPRUIT, TRANSVAAL. — TOEWYSING VAN WERKSAAMHEDE, BEVOEGDHEDE OF PLIGTE.

Kragtens subartikel (1) van artikel *nege-en-tagtig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), wys ek, PIETER MATTHEUS KRUGER LE ROUX, Minister van Waterwese, hierby die werksaamhede, bevoegdhede of pligte soos omskryf in paragrawe (*a*), (*b*), (*c*), (*d*), (*e*), (*f*) en (*g*) van subartikel (1) van genoemde artikel *nege-en-tagtig* aan die Sandrivier-besproeiingsraad, distrik Nelspruit, Transvaal, toe.

P. M. K. LE ROUX,
Minister van Waterwese.

No. 1550.] [11 Oktober 1963.

BUFFELSPOORT-STAATSWATERSKEMA.

TOEKENNING VAN WATERKWOTA VIR DIE WATERJAAR 1 APRIL 1963 TOT 31 MAART 1964.

Die Minister van Waterwese het kragtens artikel *drie-en-sestig* (2) (*b*) en (3) van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), bepaal dat 'n waterkwota van tien (10) kusekuur per morg ten opsigte van alle ingelyste eiendomme onder bogemelde skema vir die waterjaar 1 April 1963 tot 31 Maart 1964, toegeken word, waarvan vier (4) kusekuur onmiddellik beskikbaar gestel word en die balans in die loop van die waterjaar namate die Buffelspoortdam water ontvang.

Hierdie kennisgewing vervang Goewermentskennisgewing No. 570 van 23 Augustus 1963.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1547.] [11 October 1963.

WAGE ACT, 1957.

COLD STORAGE, BACON CURING AND SMALL GOODS MANUFACTURING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.—EXTENSION OF WAGE DETERMINATION No. 240 TO THE MAGISTERIAL DISTRICT OF RICHMOND, NATAL.

The Wage Board has received a request in respect of the above-mentioned Industry and notifies in terms of section *seventeen*, read with sub-section (3) of section *fifteen*, of the Wage Act, 1957, that the Board will in due course report and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the extension of Wage Determination No. 240 to the Magisterial District of Richmond, Natal.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag 108, Pretoria, not later than the 11th November, 1963.

The reference reads as follows: —

" The Deputy-Minister of Labour, acting on behalf of the Minister of Labour, requests the Wage Board in terms of sub-section (1) of section *seventeen* of the Wage Act, 1957, to consider the advisability of extending the application of all the provisions of Wage Determination No. 240 for the Cold Storage, Bacon Curing and Small Goods Manufacturing Industry, Certain Areas, to the Magisterial District of Richmond, Natal. "

No. 1548.] [11 October 1963.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—SWEET MANUFACTURING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned Industry and gives notice in terms of section *nine* of the Wage Act, 1957, that the investigation has commenced and that the Board will in due course report and submit a recommendation to the Deputy-Minister of Labour concerning the Sweet Manufacturing Industry, certain areas.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag 108, Pretoria, not later than the 11th November, 1963.

The reference reads: —

" The Deputy-Minister of Labour, on behalf of the Minister of Labour, requests the Wage Board, in terms of section *four* of the Wage Act, 1957, to investigate and report to him concerning the Sweet Manufacturing Industry in the following areas: —

Cape Province.

The Municipal Area of King William's Town.

Natal.

The Magisterial Districts of Durban, Dundee, Inanda, Lower Tugela, Pietermaritzburg and Pinetown.

Orange Free State.

The Magisterial Districts of Bloemfontein and Welkom.

Transvaal.

The Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging and Volksrust and the Municipal Areas of Pietersburg and Pretoria.

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. 1547.] [11 Oktober 1963.

LOONWET, 1957.

KOELKAMER-, SPEKBEREIDING- EN KLEINGOEDERENYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.—UITBREIDING VAN LOONVASSTELLING No. 240 NA DIE LANDDROSDISTRIK RICHMOND, NATAL.

Die Loonraad het 'n versoek in verband met bovermelde nywerheid ontvang en gee kragtens artikel *sewentien*, gelees met subartikel (3) van artikel *vyftien*, van die Loonwet, 1957, kennis dat die Raad te gelegener tyd verslag sal doen oor en 'n aanbeveling by die Minister van Arbeid sal indien betreffende die uitbreiding van Loonvasstelling No. 240 na die landdrosdistrik Richmond, Natal.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë by die Raad in te dien. Die vertoë, saam met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak 108, Pretoria, voor of op 11 November 1963 bereik.

Die opdrag lui soos volg: —

„ Die Adjunk-minister van Arbeid, handelende namens die Minister van Arbeid, versoek die Loonraad kragtens subartikel (1) van artikel *sewentien* van die Loonwet, 1957, om die wenslikheid te oorweeg om die toepassing van al die bepalings van Loonvasstelling No. 240 vir die Koelkamer-, Spekbereiding- en Kleingoederenywerheid, Sekere Gebiede, uit te brei tot die landdrosdistrik Richmond, Natal. "

No. 1548.] [11 Oktober 1963.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—LEKKERGOEDNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bovermelde nywerheid ontvang en gee ooreenkomstig artikel *nege* van die Loonwet, 1957, kennis dat die ondersoek begin het en dat die Raad te gelegener tyd verslag sal doen oor en 'n aanbeveling aan die Adjunk-minister van Arbeid sal voorlê betreffende die Lekkergoednywerheid, sekere gebiede.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë tot die Raad te rig. Die vertoë, saam met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak 108, Pretoria, voor of op 11 November 1963 bereik.

Die opdrag lui: —

„ Die Adjunk-minister van Arbeid, namens die Minister van Arbeid, versoek die Loonraad ooreenkomstig artikel *vier* van die Loonwet, 1957, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die lekkergoednywerheid in die volgende gebiede: —

Kaapprovinsie.

Die munisipale gebied van King William's Town.

Natal.

Die landdrosdistrikte Durban, Dundee, Inanda, Lower Tugela, Pietermaritzburg en Pinetown.

Oranje-Vrystaat.

Die landdrosdistrikte Bloemfontein en Welkom.

Transvaal.

Die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging en Volksrust en die munisipale gebiede van Pietersburg en Pretoria.

For the purpose of this investigation the Deputy-Minister, on behalf of the Minister directs that the investigation shall be in respect of all classes of employees in this industry.

In terms of sub-section (1) of section *six* of the Act, the Deputy-Minister, on behalf of the Minister, further directs the Board to submit to him a recommendation.

In this reference—

'sweet manufacturing industry' means the industry in which employers and employees are associated for the manufacture of sweets in establishments which are registered or liable for registration in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, and also includes the manufacture of any commodity or ingredient used in the manufacture of sweets if carried on by employers and employees engaged in the manufacture of sweets,

and further includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities."

No. 1561.] [11 October 1963.

WAGE ACT, No. 5 OF 1957.

FISH PROCESSING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.

By direction of the Deputy-Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto, and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendation are hereby, in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *thirteen* of the Wage Act, 1957, invited to lodge such objections in writing with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within 30 days after publication of this notice.

NOTE.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the office of the Divisional Inspector, Department of Labour, Cape Town. Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY DIVISION B OF THE WAGE BOARD.

FISH PROCESSING INDUSTRY—CERTAIN AREAS.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply in the Magisterial Districts of Bellville, Caledon, the Cape, Clanwilliam, Hopefield, Malmesbury, Namaqualand, Piketberg, Simonstown, Vanrhynsdorp, Vredenburg, Vredendal and Wynberg to all employees in the fish processing industry and to the employers of such employees.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the context otherwise indicates, any expression which is used in this Determination and which is defined in the Wage Act, 1957, has the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

"artisan" means an employee who is engaged in work normally performed by a skilled artisan and for the purpose of this definition the expression "skilled artisan" means a person who has served his apprenticeship in a trade designated or deemed to have been designated under the Apprenticeship Act, 1944, or who holds a certificate of proficiency issued to him by the Registrar of Apprenticeship in terms of section *six* of the Training of Artisans Act, 1951, or a certificate issued to him by the said Registrar in terms of either section *two* (7) or section *seven* (3) of the said Act;

Vir die doel van hierdie ondersoek gee die Adjunk-minister, namens die Minister, opdrag dat die ondersoek ingestel moet word ten opsigte van alle klasse werknemers in dié nywerheid.

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *ses* van die Wet gee die Adjunk-minister, namens die Minister, voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

In hierdie opdrag beteken—

,lekkergoednywerheid' die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die vervaardiging van lekkergoed in bedryfsinrigtings wat ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, geregistreer is of aan registrasie onderworpe is, en omvat ook die vervaardiging van enige handelsartikel of bestanddeel wat by die vervaardiging van lekkergoed gebruik word indien sodanige aktiwiteite uitgeoefen word deur werkgewers en werknemers wat by die vervaardiging van lekkergoed betrokke is,

en omvat verder alle werksaamhede wat met enigeen van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit."

No. 1561.] [11 Oktober 1963.

LOONWET, No. 5 VAN 1957.

VISVERWERKINGSNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

In opdrag van die Adjunk-minister van Arbeid word almal wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae hiervan verskyn, hierby ooreenkomstig paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *dertien* van die Loonwet, 1957, versoek om, as hulle besware het teen die maak van 'n vasstelling ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne 30 dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, in te dien.

OPMERKING.—Die Loonraadverslag wat op hierdie aanbeveling betrekking het, is beskikbaar vir insae by die kantoor van die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, Kaapstad. Persone wat besware in dien in 'n ander vorm as in manuskrip, word versoek om sewe afskrifte van hulle besware en sewe afskrifte van alle bygaande dokumente te verstrek.

BYLAE.

AANBEVELING DEUR AFDELING B VAN DIE LOONRAAD AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID.

VISVERWERKINGSNYWERHEID—SEKERE GEBIEDE.

1. GEBIED EN BESTEK VAN DIE VASSTELLING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing op alle werknemers in die Visverwerkingsnywerheid in die landdrosdistrikte Bellville, Caledon, die Kaap, Clanwilliam, Hopefield, Malmesbury, Namakwaland, Piketberg, Simonstad, Vanrhynsdorp, Vredenburg, Vredendal en Wynberg en op die werkgewers van sodanige werknemers.

2. WOORDOMSKRYWING.

(1) Tensy die samehang anders aandui, het alle uitdrukkings wat in hierdie Vasstelling gebesig en in die Loonwet, 1957, omskryf word, dieselfde betekenis as in dié Wet en, tensy teenstrydig met die samehang, beteken—

"ambagsman" 'n werknemer wat werk doen wat gewoonlik deur 'n geskoolde ambagsman verrig word, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing beteken die uitdrukking "geskoolde ambagsman" iemand wat sy leertyd uitgedien het in 'n ambag wat kragtens die Wet op Vakleerlinge, 1944, aangewys is of geag word daarkragtens aangewys te gewees het, of wat in besit is van 'n vaardigheidsertifikaat wat deur die Registrateur van Vakleerlinge ingevolge artikel *ses* van die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, aan hom uitgereik is, of 'n sertifikaat wat genoemde Registrateur ingevolge òf artikel *twee* (7) òf artikel *sewe* (3) van genoemde Wet aan hom uitgereik het;

"assistant foreman" means an employee who, under the general supervision of a foreman, performs any of the duties of a foreman and who may act for him during his absence;

"automatic clinching or double seaming machine feeder" means an employee who feeds lids into the hopper or feed of an automatic clinching or double seaming machine and who may start and stop the machine and clear obstructions in the runway;

"bloodwater tank attendant" means an employee who is engaged in the pumping of bloodwater into tanks and to the boiling and pumping away thereof;

"boiler attendant" means an employee who, under general supervision, maintains the water level and steam pressure in a boiler and who may make, maintain or draw the fire in such boiler;

"boiler attendant-in-charge" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is in charge of one or more boiler attendants or who is responsible for maintaining the water level and steam pressure in more than one boiler;

"breaker" means an employee who is engaged in removing rock lobster tails from the bodies;

"can packer" means an employee who is engaged in packing raw or cooked fish into cans or other consumer containers by hand;

"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

"centrifuge operator" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in regulating the flow of oil into centrifuges and who is responsible for maintaining the proper degree of clarity;

"chargehand" means an employee who, under the general supervision of a foreman, assistant foreman, forewoman or supervisor, is in charge of a group of labourers;

"clerk" means an employee who is engaged in writing, typing, filing, operating a calculating or a punch card machine or in any other form of clerical work and includes a cashier, a despatch clerk and a telephone switchboard operator, but does not include any other class of employee elsewhere defined in this clause notwithstanding the fact that clerical work may form a portion of such employee's work;

"clerk, female, qualified," means a female clerk who has had not less than four years' experience;

"clerk, female, unqualified," means a female clerk who has had less than four years' experience;

"clerk, male, qualified," means a male clerk who has had not less than five years' experience;

"clerk, male, unqualified," means a male clerk who has had less than five years' experience;

"curer" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is responsible for the salting of fish, the preparation of brine and for determining the length of time which fish should remain in the brine;

"day" means the period of twenty-four hours calculated from the time the employee commences work;

"despatch clerk" means an employee who is responsible for the despatch or the packing of goods for transport or delivery and who may supervise the assembling, checking, weighing, packing, marking, addressing or despatching of such goods or packages;

"driver of a motor vehicle" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive;

"drum drier operator" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in operating a drum drier or in regulating the flow of concentrated fish solubles into the drums and who is responsible for the quality of the dried material;

"dyer" means an employee who dips fish into vats containing dye or colouring matter;

"emergency work" means—

(1) any work which, owing to unforeseen circumstances such as fire, storm, accident, epidemic, act of violence, theft or a breakdown of plant or machinery, must be done without delay;

(2) any work connected with the loading or unloading of—

(i) ships;
(ii) trucks or vehicles of the South African Railways and Harbours; or
(iii) vehicles used by a cartage contractor in the fulfilment of his contract as such with the South African Railways and Harbours; or

(3) any work in connection with the overhauling or repairing of plant or machinery which cannot be performed during ordinary working hours;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the fish processing industry;

"assistent-voorman" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman, enigeen van die werksaamhede van 'n voorman verrig en wat gedurende sy afwesigheid in sy plek kan waarneem;

"bediener van 'n outomatiese klink- of dubbelnaatmasjien" 'n werknemer wat deksels in die vultregter of voerder van 'n outomatiese klink- of dubbelnaatmasjien voer en wat die masjien mag aan- en stopsit en versperrings in die baan mag verwyder;

"bediener van bloedwatertenk" 'n werknemer wat bloedwater in tenks pomp en dit kook en wegpomp;

"stoomketelbediener" 'n werknemer wat, onder algemene toesig, die waterpeil en stoomdruk van 'n stoomketel in stand hou en wat die vuur in sodanige stoomketel kan maak, in stand hou of uithaal;

"toesighoudende stoomketelbediener" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, toesig hou oor een of meer stoomketelbedieners of wat verantwoordelik is om die waterpeil en stoomdruk in meer as een stoomketel in stand te hou;

"afbreker" 'n werknemer wat kreefsterte van die liggame verwyder;

"blikverpakker" 'n werknemer wat met die hand rou of gekookte vis in blikke of ander verbruikershouers pak;

"los werknemer" 'n werknemer wat op hoogstens drie dae in 'n week by dieselfde werkgewer in diens is;

"bediener van sentrifugeermasjien" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, die vloei van olie in sentrifuges reguleer en wat verantwoordelik is om die regte graad van helderheid in stand te hou;

"onderbaas" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman, assistent-voorman, voorvrou of opsigter in beheer van 'n groep arbeiders is;

"klerk" 'n werknemer wat skryf-, tik-, liasseerwerk verrig, 'n reken- of ponskaartmasjien bedien of enige ander vorm van klerklike werk verrig en omvat 'n kassier, versendingsklerk en bediener van 'n telefoon-skakelbord, maar sluit geen ander klas werknemer wat elders in hierdie klousule omskryf word in nie, ondanks die feit dat klerklike werk deel van sodanige werknemer se werk mag uitmaak;

"klerk, vrou, gekwalifiseer," 'n vroulike klerk met minstens vier jaar ondervinding;

"klerk, vrou, ongekwalifiseer," 'n vroulike klerk met minder as vier jaar ondervinding;

"klerk, man, gekwalifiseer," 'n manlike klerk met minstens vyf jaar ondervinding;

"klerk, man, ongekwalifiseer," 'n manlike klerk met minder as vyf jaar ondervinding;

"bereier" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, verantwoordelik is vir die insout van vis, die bereiding van pekel en om die tydsduur te bepaal wat die vis in die pekel moet bly;

"dag" die tydperk van vier-en-twintig uur bereken vanaf die tydstip waarop die werknemer begin werk;

"versendingsklerk" 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die versending of die verpakking van goedere vir vervoer of aflewering en wat toesig mag hou oor die versameling, nagaan, weeg, verpakking, merk, adresseer of versending van sulke goedere of pakkies;

"bestuurder van 'n motorvoertuig" 'n werknemer wat 'n motorvoertuig bestuur, en vir die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking "'n motorvoertuig bestuur" alle tydperke wat daar bestuur word en alle tyd wat die bestuurder bestee aan werk in verband met die voertuig of die vrag en alle tydperke waartydens hy verplig is om op sy pos te bly, gereed om te bestuur;

"bediener van 'n droogdrom" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, 'n droogdrom bedien of die vloei van gekonsentreerde visoplosse in die dromme reguleer en wat vir die gehalte van die gedroogde produk verantwoordelik is.

"kleurder" 'n werknemer wat vis in houers met kleurstof of kleursel indoop;

"noodwerk"—

(1) alle werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos 'n brand, storm, ongeluk, epidemie, gewelddaad, diefstal of 'n onklaarraking van installasie of masjinerie, sonder versuim verrig moet word;

(2) enige werk in verband met die laai of aflaai van—

(i) skepe;
(ii) trokke of voertuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens; of
(iii) voertuie wat deur 'n vervoerkontrakteur gebruik word ter uitvoering van sy kontrak as sodanig met die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens; of

(3) enige werk in verband met die opknapping of herstel van installasie of masjinerie wat nie gedurende gewone werkure gedoen kan word nie;

"bedryfsinrigting" enige perseel waarin of in verband waarmee een of meer werknemers in diens is in die Visverwerkingsnywerheid;

"experience" means in relation to—

(*a*) a clerk or a factory clerk, the total period or periods of employment which an employee has had as a clerk or a factory clerk, respectively, in any trade or in the service of the State;

(*b*) any other class of employee, the total period or periods of employment which an employee has had in his class in the fish processing industry;

"factory clerk" means an employee who is engaged in any one or more of the following duties:—

(*a*) assembling orders;

(*b*) issuing or recording labels;

(*c*) recording quantities or weights of goods, other than fish weighed by a tallyman or fish weigher;

(*d*) checking attendance records or recording particulars of employees at work or absent from work;

(*e*) recording piece-work earnings;

"factory clerk, qualified," means a factory clerk who has had not less than twelve months' experience;

"factory clerk, unqualified," means a factory clerk who has had less than twelve months' experience;

"fireman" means an employee who is engaged in making or maintaining fires in boilers, including stoking, slicing or raking;

"first-aid officer" means an employee who holds a current certificate of competence in first-aid issued by any of the following organisations—

(*a*) Red Cross Society of South Africa;
(*b*) St. John's Ambulance Association;
(*c*) Noodhulpliga van Suid-Afrika,

and who is in charge of a first-aid room;

"first cooker" means an employee who, under the general supervision of a foreman, assistant foreman or supervisor, is responsible for the first or pre-cooking of fish in a retort;

"fish" means any form of marine life ordinarily used as food for human consumption;

"fish ball maker" means an employee who is engaged in operating a mixing or cutting machine and attending to the cooking pots used in the making of fish balls;

"fish cake maker" means an employee who is engaged in operating a mixing or cutting machine and attending to the frying machine used in the making of fish cakes;

"fish frier" means an employee who is engaged in frying fish;

"fish processing industry" means the industry in which employers and employees are associated in establishments which are registered or liable for registration in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, for the purpose of carrying on any one or more of the following activities, namely—

(i) the bottling, canning, curing, preserving (including preservation by means of freezing or deepfreezing), salting, smoking or drying of fish for human consumption;
(ii) the manufacture of fish products intended for human consumption;
(iii) the manufacture of fish meal;
(iv) the manufacture or bottling of fish oil;

and includes all activities incidental to or consequent on any of the aforesaid activities;

"fish meal cooker attendant" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in regulating the feed of fish to and the temperatures and pressures in a continuous cooker in a fish meal plant;

"fish press attendant" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in regulating the speed of a fish press and in pumping away of the expressed liquid;

"fish pump operator" means an employee who is engaged in priming, starting or operating a vacuum, water or fish pump or other equipment such as an elevator or a conveyor used in the pumping out or offloading of fish from a fishing boat;

"fish separator" means an employee who is engaged in feeding fish into a fish skinning machine;

"fish tank attendant" means an employee who is engaged in regulating the flow of fish to or from fish tanks, bins or hoppers;

"fish weigher" means an employee who is engaged in regulating the flow of fish into the hopper of a scale and discharging the fish from such hopper on completion of the weighing cycle and who may operate the weight printing or recording mechanism of the scale;

"fish worker" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or activities—

(*a*) dyer;
(*b*) filleting, scaling, trimming, washing, scraping or cutting fish or removing skins from fish by hand;—
(*c*) sticker;
(*d*) breaker;
(*e*) sheller;
(*f*) gutter;
(*g*) packer, other than a can packer or an employee referred to in item (*q*) of labourer;

"ondervinding" met betrekking tot—

(*a*) 'n klerk of 'n fabriekseklerk, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer werksaam was as 'n klerk of 'n fabriekseklerk, onderskeidelik, in enige bedryf of in die diens van die Staat;

(*b*) enige ander klas werknemer, die totale tydperk of tydperke van diens waarvoor 'n werknemer in sy klas in die Visverwerkingsnywerheid werksaam was;

"fabriekseklerk" 'n werknemer wat een of meer van die volgende pligte verrig:—

(*a*) bestellings opmaak;

(*b*) etikette uitreik en aanteken;

(*c*) hoeveelhede of gewig van goedere aanteken, uitgesonderd vis wat deur 'n teller of visafweër geweeg word;

(*d*) bywoningsregisters nagaan en besonderhede aanteken van werknemers wat by die werk is of van die werk afwesig is;

(*e*) stukwerkverdienste aanteken;

"fabriekseklerk, gekwalifiseer," 'n fabriekseklerk met minstens 12 maande ondervinding;

"fabriekseklerk, ongekwalifiseer," 'n fabriekseklerk met minder as 12 maande ondervinding;

"stoker" 'n werknemer wat vure in stoomketels maak of aan die brand hou, met inbegrip van stook, uitskep en hark;

"eerstehulpman" 'n werknemer wat 'n geldige sertifikaat van bevoegdheid het in eerstehulp wat deur enigeen van die volgende organisasies uitgereik is:—

(*a*) Die Rooikruisvereniging van Suid-Afrika;

(*b*) die St. John-ambulansvereniging;

(*c*) die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga;

en wat beheer het oor 'n eerstehulpkamer;

"eerste koker" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman, assistent-voorman of opsigter, vir die eerste of vooraf kook van vis in 'n retort verantwoordelik is;

"vis" enige vorm van seelewe wat gewoonlik as voedsel vir menslike verbruik gebruik word;

"visfrikkadelmaker" 'n werknemer wat 'n meng- of snymasjien bedien en toesig hou oor die kookpotte wat gebruik word om visfrikkadelle te maak;

"viskoekiemaker" 'n werknemer wat 'n meng- of snymasjien bedien en wat toesig hou oor die bakmasjien wat gebruik word om viskoekies te maak;

"visbakker" 'n werknemer wat vis bak;

"visverwerkingsnywerheid" die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings wat geregistreer is of aan registrasie onderworpe is ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, met die doel om een of meer van die volgende werksaamhede te verrig, naamlik—

(i) die bottel, inmaak, bereiding, preservering (met inbegrip van preservering deur middel van bevriesing of diepbevriesing), insout, rook of droog van vis vir menslike verbruik;
(ii) die vervaardiging van visprodukte wat vir menslike verbruik bedoel is;
(iii) die vervaardiging van vismeel;
(iv) die vervaardiging of bottel van visolie;

en omvat dit alle werksaamhede wat met enigeen van voormelde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit;

"bediener van vismeelkookpot" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, die toevoer van vis na en die temperature en drukkings in 'n voortdurende kookpot in 'n vismeelinstallasie reguleer;

"vispersbediener" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, die spoed van 'n vispers reguleer en die uitgeperste vloeistof wegpomp;

"vispompbediener" 'n werknemer wat 'n vakuum-, water- of vispomp of ander toerusting, soos 'n hyser of vervoerder wat gebruik word by die uitpomp of aflaai van vis van 'n vissersboot, gereedmaak vir aansit, aansit of bedien;

"visvelverwyderaar" 'n werknemer wat vis in 'n velverwyderingsmasjien voer;

"vistenkbediener" 'n werknemer wat die toevoer van vis na en van vistenks, bakke of vultregters reguleer;

"visafweër" 'n werknemer wat die toevoer van vis in die vultregter van 'n skaal reguleer en by voltooiing van die weegsiklus die vis uit die vultregter vrylaat en wat die meganisme van die skaal wat die gewig afdruk of registreer mag hanteer;

"viswerker" 'n werknemer wat in een of meer van die volgende hoedanighede of aktiwiteite in diens is:—

(*a*) Kleurder;

(*b*) vis in mootjies sny, afdop, afwerk, was, skraap of sny of visvelle met die hand afstroop;

(*c*) visgraatverwyderaar;

(*d*) afbreker;

(*e*) afdopper;

(*f*) oopsnyer;

(*g*) verpakker, uitgesonderd 'n blikverpakker of 'n werknemer waarna in item (*q*) van arbeider verwys word;

"foreman" means an employee who is in charge of the employees in an establishment, who exercises control over such employees and who is responsible for the efficient performance by them of their duties;

"forewoman" means a female employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is in charge of the female employees in an establishment, who exercises control over such employees and who is responsible for the efficient performance by them of their duties;

"grade I employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities—

(*a*) ammonia compressor plant attendant;
(*b*) automatic clinching or double seaming machine feeder;
(*c*) automatic labelling machine operator;
(*d*) automatic vacuum closing machine operator;
(*e*) centrifuge operator;
(*f*) drum drier operator;
(*g*) fish pump operator;
(*h*) retort operator;
(*i*) stickwater plant operator;
(*j*) tallyman;
(*k*) tractor driver, other than an internal transport driver;

"grade I employee, qualified," means a grade I employee who has had not less than four months' experience;

"grade I employee, unqualified," means a grade I employee who has had less than four months' experience;

"grade II employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities—

(*a*) boiler attendant;
(*b*) first cooker;
(*c*) fish separator;
(*d*) hand soldering;
(*e*) making trays, crates or boxes from uncut material;
(*f*) measurer or ingredient mixer;
(*g*) internal transport driver;
(*h*) operator of an non-automatic or semi-automatic clinching or seaming machine;
(*i*) operating a non-automatic labelling machine;
(*j*) protective clothing attendant;
(*k*) operator of a box-making or nailing machine;
(*l*) sauce mixer;
(*m*) smoker;

"grade II employee, qualified," means a grade II employee who has had not less than two months' experience;

"grade II employee, unqualified," means a grade II employee who has had less than two months' experience;

"grade III employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or activities—

(*a*) assisting an artisan other than by the independent use of tools;
(*b*) binding, wiring, stapling or strapping cartons or other containers;
(*c*) bloodwater tank attendant;
(*d*) can packer;
(*e*) can tester;
(*f*) delivering letters, messages or other articles on foot or by means of a bycycle, tricycle or hand-propelled vehicle outside his employer's establishment;
(*g*) exhaust box attendant;
(*h*) fish ball maker;
(*i*) fish cake maker;
(*j*) fish frier;
(*k*) fish worker;
(*l*) fireman;
(*m*) filling containers with fish paste by hand or hand-operated machine;
(*n*) fish weigher;
(*o*) fish tank attendant;
(*p*) fish meal cooker attendant;
(*q*) fish press attendant;
(*r*) ironing or mending protective clothing;
(*s*) labelling by hand;
(*t*) mill attendant;
(*u*) oiling or greasing vehicles, other than motor vehicles;
(*v*) operating or attending any one or more of the following machines—

(i) automatic bag filling or weighing machine;
(ii) automatic brine or sauce filling machine;
(iii) bag closing, bag sewing or heat sealing machine;
(iv) basket or trolley tipping machine;
(v) can unscrambling machine;
(vi) clothes washing machine or spin drier;
(vii) draining machine;
(viii) fish slicing, cutting or filleting machine;
(ix) ice-crushing machine;
(x) mincing machine;
(xi) non-automatic labelling machine;
(xii) power-driven elevator or conveyor;
(xiii) power-driven winch, capstan, crane;
(xiv) hoist or dragline shovel;
(xv) washing or sterilising machine;

"voorman" 'n werknemer wat in bevel is van die werknemers in 'n bedryfsinrigting, wat beheer oor sodanige werknemers uitoefen en wat verantwoordelik is om toe te sien dat hulle hul pligte doeltreffend verrig;

"voorvrou" 'n vroulike werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, in bevel van die vroulike werknemers in 'n bedryfsinrigting is, wat beheer oor sodanige werknemers uitoefen en wat verantwoordelik is om toe te sien dat hulle hul pligte doeltreffend verrig;

"werknemer graad I" 'n werknemer wat in een of meer van die volgende hoedanighede in diens is:—

(*a*) bediener van ammoniakpersinstallasie;
(*b*) bediener van outomatiese klink- en dubbelmaatmasjien;
(*c*) bediener van outomatiese etiketteermasjien;
(*d*) bediener van outomatiese vakuum-sluitmasjien;
(*e*) bediener van 'n sentrifugeermasjien;
(*f*) bediener van 'n droogdrom;
(*g*) vispompbediener;
(*h*) retortbediener;
(*i*) bediener van 'n afvalwaterinstallasie;
(*j*) teller;
(*k*) bestuurder van 'n trekker, uitgesonderd 'n interne vervoerbestuurder;

"werknemer graad I, gekwalifiseerd", 'n werknemer graad I, met minstens vier maande ondervinding;

"werknemer graad I, ongekwalifiseerd," 'n werknemer graad I, met minder as vier maande ondervinding;

"werknemer graad II" 'n werknemer wat in een of meer van die volgende hoedanighede in diens is:—

(*a*) Stoomketelbediener;
(*b*) eerste koker;
(*c*) visvelverwyderaar;
(*d*) handsoldeerwerk;
(*e*) bakke, kratte of kiste van onvoorbereide materiaal vervaardig;
(*f*) afmeter of bestanddeelmenger;
(*g*) interne vervoerbestuurder;
(*h*) bediener van 'n nie-outomatiese of half-outomatiese klink- of naatmasjien;
(*i*) 'n nie-outomatiese etiketteermasjienbediener;
(*j*) versorger van beskermende klere;
(*k*) bediener van 'n kisvervaardigings- of vasspykermasjien;
(*l*) sousmenger;
(*m*) roker;

"werknemer graad II, gekwalifiseerd", 'n werknemer graad II, met minstens twee maande ondervinding;

"werknemer graad II, ongekwalifiseerd", 'n werknemer graad II, met minder as twee maande ondervinding;

"werknemer graad III" 'n werknemer wat in een of meer van die volgende hoedanighede in diens is of wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(*a*) 'n Ambagsman help sonder om gereedskap selfstandig te gebruik;
(*b*) karton- of ander houers vasbind, bedraad, kram of bande daarom sit;
(*c*) bediener van bloedwatertenk;
(*d*) blikverpakker;
(*e*) bliktoetser;
(*f*) briewe, boodskappe of ander artikels te voet of per trapfiets, driewiel of handvoertuig buite sy werkgewer se bedryfsinrigting aflewer;
(*g*) bediener van 'n lugverwyderingsbak;
(*h*) visfrikkadelmaker;
(*i*) viskoekiemaker;
(*j*) visbakker;
(*k*) viswerker;
(*l*) stoker;
(*m*) met die hand of handmasjien houers met vissmeer vul;
(*n*) visafweër;
(*o*) vistenkbediener;
(*p*) bediener van vismeelkookpot;
(*q*) vispersbediener;
(*r*) beskermende klere stryk of heelmaak;
(*s*) met die hand etiketteer;
(*t*) meulbediener;
(*u*) voertuie olie en smeer, uitgesonderd motorvoertuie;
(*v*) een of meer van die volgende masjiene bedien of versorg:—

(i) Outomatiese sakvul- of weegmasjien;
(ii) outomatiese pekel- of sousvulmasjien;
(iii) saktoemaak-, saktoenaai- of hitteseëlmasjien;
(iv) mandjie- of trolliekantelmasjien;
(v) kansorteermasjien;
(vi) wasmasjien vir klere of spindroër;
(vii) dreineermasjien;
(viii) masjien om vis in skyfies te sny, vissny- of ontbeenmasjien;
(ix) ysvergruisermasjien;
(x) vismeule;
(xi) nie-outomatiese etiketteermasjien;
(xii) kragaangedrewe hyser of vervoerder;
(xiii) kragaangedrewe windas, kapstander of hyskraan;
(xiv) hystoestel of sleepskop;
(xv) was- of steriliseermasjien;

(*w*) perforating labels;
(*x*) press cake drier attendant;
(*y*) repairing trays, crates or boxes by hand;
(*z*) sauce or soup pot attendant;
(*aa*) stencilling or making (but not addressing) boxes, bags, cartons or other containers or affixing ready addressed labels to boxes, bags, cartons, drums or other packages;
(*bb*) stamping dates on articles or altering date stamps;
(*cc*) stirring sauce or soup by hand;
(*dd*) weighing, other than to a set weight;

"gutter" means an employee who is engaged in removing the gut from raw or cooked rock lobster tails or trimming the edges of the meat or gutting fish other than rock lobsters;

"handyman" means an employee who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery or equipment, other than machinery or equipment directly used in the manufacture of the products of an establishment, and who may effect minor repairs or renovations to buildings;

"internal transport driver" means an employee who is engaged in driving or operating a mobile power-driven vehicle or hoist used in the loading, unloading, moving or stacking of goods within an establishment;

"labourer" means an employee who is engaged in any one or more of the following activities—

(*a*) assembling (including nailing) trays, crates or boxes from shooks or ready prepared material by hand;
(*b*) assisting on delivery vehicles, other than driving or effecting repairs;
(*c*) cleaning out boilers or tanks;
(*d*) cleaning, sweeping or washing premises, vehicles, plant, implements, machinery, tools, utensils, furniture or other articles, but excluding the washing of fish;
(*e*) delivering or collecting messages or articles within an establishment;
(*f*) emptying containers;
(*g*) feeding a machine by hand or placing on or taking off fish, boxes, cans or other containers to or from a conveyor belt;
(*h*) gardening work;
(*i*) hosing fish on the deck or in the hold of a fishing boat to facilitate unloading;
(*j*) lifting, carrying, moving or stacking goods or articles by hand;
(*k*) loading or unloading;
(*l*) loosening shooks;
(*m*) making tea, coffee or similar beverages;
(*n*) opening, sealing or closing boxes, bales, drums or other packages, including gumming or glueing cartons;
(*o*) opening or closing cocks or valves under supervision;
(*p*) operating a hoist, winch or capstan by hand;
(*q*) packing articles of uniform size and number into containers specially made to contain such articles;
(*r*) placing a lid or other closure on bottles or cans by hand or placing paper discs on lids or on packed cans or placing parchment squares in empty cans;
(*s*) pushing or pulling any vehicle or truck, other than by power-driven device;
(*t*) removing refuse or ashes;
(*u*) removing fish offal;
(*v*) sorting fish according to size or variety;
(*w*) spreading or placing fish on a belt or conveyor;
(*x*) straightening bent flanges of cans;
(*y*) unpacking or opening corrugated fibre board or similar containers by hand or setting up ready-made containers;
(*z*) washing bottles, tins, dishes or other containers by hand;
(*aa*) weighing to a set weight;

"machine handyman" means an employee, other than an artisan, who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery or equipment used directly in the manufacture of the products of an establishment;

"machine operator or attendant" means an employee who operates, attends, starts or stops a power-driven machine, who scrutinises or checks the work done by the machine, who may make minor running repairs or adjustments to the machine and who may feed into or take off from such machine, and the expression "operating a machine" or "attending a machine" have a corresponding meaning;

"measurer or ingredient mixer" means an employee who is engaged in and responsible for weighing out, other than to a set weight, quantities of tomato puree or other sauce or ingredients;

"mill attendant" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in stopping and cleaning press cake mills, regulating the flow of press cake to the mills and who may periodically clean the magnets on dry mills;

"motor vehicle" means any power-driven vehicle used for conveying goods outside the employer's establishment and includes a mechanical horse but excludes a tractor;

"night shift" means any period of work between 6 p.m. and 6 a.m;

(*w*) etikette perforeer;
(*x*) bediener van 'n droër van geperste viskoek;
(*y*) bakke, kratte of kiste met die hand herstel;
(*z*) sous- of soppotbediener;
(*aa*) kiste, sakke, karton- of ander houers sjabloneer of merk (maar nie adresseer nie) of etikette wat reeds van 'n adres voorsien is aan kiste, sakke, kartonhouers, konkas of ander pakkies vassit;
(*bb*) datums op artikels stempel of datumstempels verander;
(*cc*) sous of sop met die hand roer;
(*dd*) weeg, uitgesonderd volgens gesette gewig;

"oopsnyer" 'n werknemer wat die ingewande van rou of gekookte kreefsterte uithaal of die kante van die vleis gelyk sny, of vis, uitgesonderd kreef, oopsny.

"faktotum" 'n werknemer wat geringe herstelwerk of verstellings aan masjinerie of uitrusting doen, uitgesonderd masjinerie of uitrusting wat regstreeks by die vervaardiging van die produkte van 'n bedryfsinrigting gebruik word, en wat geringe herstel- of opknappingswerk aan geboue mag doen;

"bestuurder van interne vervoer" 'n werknemer wat 'n mobiele kragaangedrewe voertuig of 'n hystoestel bestuur of bedien wat gebruik word vir die laai, aflaai, verskuiwing of stapeling van goedere binne 'n bedryfsinrigting;

"arbeider" 'n werknemer wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig—

(*a*) bakke, kratte of kiste van duie of voorafbereide materiaal met die hand aanmekaarsit (insluitende aanmekaarspyker);
(*b*) op afleweringsvoertuie behulpsaam wees, uitgesonderd die bestuur of die verrig van herstelwerk;
(*c*) stoomketels of tenks binne-in skoonmaak;
(*d*) skoonmaak, vee of was van persele, voertuie, installasie, implemente, masjinerie, gereedskap, werktuie, meubels of ander artikels, maar uitgesonderd die was van vis;
(*e*) aflewering of afhaal van boodskappe of artikels binne 'n bedryfsinrigting;
(*f*) houers leegmaak;
(*g*) 'n masjien met die hand voer of vis, kiste, kanne of ander houers op vervoerbande plaas of daarvan afneem;
(*h*) tuinwerk;
(*i*) vis op die dek of in die ruim van 'n vissersboot met 'n waterslang bespuit om die aflaai te vergemaklik;
(*j*) goedere of artikels met die hand oplig, dra, versit of stapel;
(*k*) laai of aflaai;
(*l*) duie losmaak;
(*m*) tee, koffie of soortgelyke dranke maak;
(*n*) kiste, bale, dromme of ander pakkette oopmaak, verseël of toemaak, met inbegrip van die vasgom of lym van kartonhouers;
(*o*) krane of kleppe onder toesig oop- of toemaak;
(*p*) 'n hyser, windas of kapstander met die hand bedien;
(*q*) artikels van eenvormige grootte en getal in houers verpak wat spesiaal gemaak is om sodanige artikels te bevat;
(*r*) met die hand 'n deksel of ander afsluiting op bottels of kanne sit of papierskyfies op deksels of op verpakte kanne sit of perkamentvierkante in leë kanne plaas;
(*s*) enige voertuig of trok, uitgesonderd deur middel van 'n kragtoestel, stoot of trek;
(*t*) vuilgoed of as verwyder;
(*u*) visafval verwyder;
(*v*) vis volgens grootte en soort sorteer;
(*w*) vis op 'n band of vervoerder sprei of plaas;
(*x*) gebuigde flense van kannetjies reguit maak;
(*y*) riffelveselbord- of dergelike houers met die hand uitpak of oopmaak of klaargemaakte houers opstel;
(*z*) bottels, blikke, borde of ander houers met die hand was;
(*aa*) volgens gesette gewig afweeg;

"masjienfaktotum" 'n werknemer, uitgesonderd 'n ambagsman, wat minder belangrike herstelwerk of verstellings doen aan masjinerie of ander uitrusting wat regstreeks by die vervaardiging van die produkte van 'n bedryfsinrigting gebruik word;

"masjienoperateur of -bediener" 'n werknemer wat 'n kragaangedrewe masjien bedien, oppas, aan die gang sit of stop, wat die werk wat die masjien doen, ondersoek of nagaan, wat geringe lopende herstel- of verstellingswerk aan die masjien mag doen en wat die masjien mag voer en goed daarvan kan afhaal, en het die uitdrukking "'n masjien bedien" of "'n masjien oppas" 'n ooreenstemmende betekenis;

"afmeter of bestanddeelmenger" 'n werknemer wat betrokke is by en verantwoordelik is vir die afweeg, uitgesonderd op 'n gesette gewig, van hoeveelhede tamatiepuree of ander sous of bestanddele;

"meulbediener" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, meulens vir die saampers van viskoek stopsit en skoonmaak, die toevloei van geperste viskoek na die meulens reguleer en wat periodiek die magnete aan droogmeulens mag skoonmaak;

"motorvoertuig" enige kragaangedrewe voertuig wat gebruik word vir die vervoer van goedere buite die werkgewer se bedryfsinrigting en omvat dit 'n voorhaker maar nie 'n trekker nie;

"nagskof" enige werktydperk tussen 6 nm. en 6 vm;

"part-time driver of a motor vehicle" means an employee who is ordinarily engaged on duties other than driving a motor vehicle but who on more than two days in any week is engaged in driving a motor vehicle for not more than three hours in the aggregate on any such day, and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver, while in charge of the vehicle, on work connected with the vehicle or the load;

"piece-work" means any system under which an employee's remuneration is based on the quantity of work done;

"press cake drier attendant" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in controlling the moisture content of fish meal by operating steam valves, dampers, vents, variable speed drives or other devices;

"protective clothing attendant" means an employee who is engaged in issuing protective clothing to employees and supervising the washing, ironing and mending of such clothing;

"retort operator" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is responsible for the cooking and sterilisation of any pack;

"sauce or soup pot attendant" means an employee who, under the general supervision of a foreman, assistant foreman, forewoman or supervisor, is engaged in cooking sauces or soups, but not including the cooking of soup for employees;

"sheller" means an employee who is engaged in removing the shell from rock lobster tails;

"senior managerial, professional or administrative employee" means an employee who is charged by the employer with the performance of work entailing responsibility for taking decisions of an administrative or professional character in the conduct of the activities of the establishment;

"short-time" means a temporary reduction in the number of ordinary hours of work owing to slackness of trade, shortage of raw materials or transport, the vagaries of the weather, a general breakdown of plant or machinery or an actual breakdown or threatened breakdown of buildings;

"smoker" means an employee who, under the general supervision of a foreman, assistant foreman or forewoman, is engaged in lighting, replenishing and keeping smoke-house fires at the required levels for the period of smoking;

"sticker" means an employee who is engaged in splitting the flesh from the bone of the fish;

"stickwater plant operator" means an employee who is engaged in regulating the flow of unconcentrated stickwater to a stickwater evaporation or concentration plant, regulating the flow of stickwater from one vessel to another, controlling the steam pressure and pumping the concentrated stickwater away and who may also test the viscosity or density of the concentrated stickwater;

"supervisor" means an employee, other than a foreman, assistant foreman or forewoman, who supervises grade I, grade II or grade III employees and who may in addition supervise labourers;

"tallyman" means an employee who counts the fish discharged from a fishing boat or vehicle as single units or counts the number of baskets, boxes, crates or other measure of fish or weighs the fish and records by writing on a sheet or card the quantities of weights;

"trailer" means any conveyance drawn by a motor vehicle;

"unladen weight" means the weight of any motor vehicle or trailer as recorded in a licence or certificate issued in respect of such motor vehicle or trailer by any authority empowered by law to issue licences in respect of motor vehicles: Provided that in the case of a two or three wheeled motor cycle, motor scooter or autocycle or cycle fitted with an auxiliary engine the unladen weight shall be deemed not to exceed 1,000 lb;

"wage" means the amount of money payable to an employee in terms of clause 3 (1) in respect of his ordinary hours of work as prescribed in clause 5: Provided—

(i) that, if an employer regularly pays an employee in respect of such ordinary hours of work an amount higher than that prescribed in clause 3 (1), it means such higher amount;

(ii) that the first proviso shall not be construed so as to refer to or include any remuneration which an employee who is employed on any basis provided for in clause 9 received over and above the amount which he would have received if he had not been employed on such a basis;

"watchman" means an employee who is engaged in guarding premises or other property.

(2) For the purpose of this Determination an employee shall be deemed to be in that class in which he is wholly or mainly engaged.

"deeltydse motorvoertuigbestuurder" 'n werknemer wat gewoonlik ander pligte verrig as om 'n motorvoertuig te bestuur maar wat op meer as twee dae in 'n week 'n motorvoertuig vir hoogstens drie uur altesaam op enige sodanige dag bestuur, en vir die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking "'n motorvoertuig bestuur" alle tydperke wat daar bestuur word en alle tyd wat die bestuurder, terwyl hy in beheer van die voertuig is, aan werk in verband met die voertuig of vrag bestee;

"stukwerk" enige stelsel waarvolgens 'n werknemer se besoldiging gebaseer is op die hoeveelheid werk wat gedoen is;

"bediener van 'n droër van geperste viskoek" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, die voggehalte van vismeel kontroleer deur die beheer van stoomkleppe, dempers, lugroosters, verstelbare spoed- of ander toestelle;

"versorger van beskermende klere" 'n werknemer wat beskermende klere aan werknemers uitreik en oor die was, stryk en heelmaak daarvan toesig hou;

"retortbediener" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, vir die kook en sterilisasie van enige bondel verantwoordelik is;

"sous- en soppotbediener" 'n werknemer, wat onder die algemene toesig van 'n voorman, assistent-voorman, voorvrou of opsigter, sous of sop kook, maar uitgesonderd die kook van sop vir werknemers;

"afdopper" 'n werknemer wat die dop van die kreef se stert verwyder;

"senior bestuurs-, professionele of administratiewe werknemer" 'n werknemer wat deur die werkgewer belas is met werk wat die verantwoordelikheid meebring om by die uitvoering van die bedryfsinrigting se werksaamhede besluite van professionele of administratiewe aard te neem;

"korttyd" 'n tydelike vermindering van die getal gewone werkure weens 'n bedryfslapte, 'n tekort aan grondstowwe of vervoer, ongunstige weersomstandighede, 'n algemene onklaarraking van installasie of masjinerie of 'n werklike onklaarraking of dreigende onklaarraking van geboue;

"roker" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman, assistent-voorman of voorvrou, rookhuisvure aan die brand steek, in stand hou en sodanige vure vir die rokingstydperk op die vereiste vlakke hou;

"visgraadverwyderaar" 'n werknemer wat die vleis van die graat van 'n vis verwyder;

"bediener van 'n afvalwaterinstallasie" 'n werknemer wat die vloei van ongekonsentreerde afvalwater na 'n verdampings- of konsentrasie-installasie vir afvalwater reguleer, die vloei van afvalwater van die een vat na die ander reguleer, die stoomdruk beheer en die gekonsentreerde afvalwater wegpomp en wat ook die viskositeit of digtheid van die gekonsentreerde afvalwater mag toets.

"opsigter" 'n werknemer, uitgesonderd 'n voorman, assistent-voorman of voorvrou, wat oor werknemers, graad I, graad II of graad III, toesig hou en wat ook oor arbeiders mag toesig hou;

"teller" 'n werknemer wat die vis wat van 'n vissersboot of voertuig afgelaai word as enkel eenhede tel, of wat die getal mandjies, kiste, kratte of ander mate, vis tel, of wat die vis weeg en die hoeveelhede of gewig daarvan aanteken deur dit op 'n staat of kaart te skryf;

"sleepwa" enige vervoermiddel wat deur 'n motorvoertuig getrek word;

"onbelaste gewig" die gewig van enige motorvoertuig of sleepwa soos aangeteken in 'n lisensie of sertifikaat ten opsigte van sodanige motorvoertuig of sleepwa uitgereik deur enige owerheid wat by wet gemagtig is om lisensies ten opsigte van motorvoertuie uit te reik; Met dien verstande dat in die geval van 'n twee- of driewielmotorfiets, bromponie of bromfiets of fiets wat met 'n hulpmasjien uitgerus is, daar geag word dat die onbelaste gewig hoogstens 1,000 lb. is;

"loon" die geldbedrag aan 'n werknemer betaalbaar ingevolge klousule 3 (1) ten opsigte van sy gewone werkure soos in klousule 5 voorgeskryf: Met dien verstande—

(i) dat indien 'n werkgewer 'n werknemer ten opsigte van sodanige gewone werkure gereeld 'n hoër bedrag betaal as dié in kolusule 3 (1) voorgeskryf, dit sodanige hoër bedrag beteken;

(ii) dat die eerste voorbehoudsbepaling nie uitgelê moet word dat dit enige besoldiging aangaan of omvat wat 'n werknemer wat in diens is op 'n grondslag waarvoor in klousule 9 voorsiening gemaak word, ontvang het bo en behalwe die bedrag wat hy sou ontvang het as hy nie op so 'n grondslag in diens was nie;

"wag" 'n werknemer wat persele of ander eiendom bewaak;

(2) By die toepassing van hierdie Vasstelling word 'n werknemer geag in dié klas te wees waarin hy uitsluitend of hoofsaaklik in diens is.

3. REMUNERATION.*

(1) The minimum wage which an employer shall pay to each member of the undermentioned classes of his employees shall be as set out hereunder:—

(*a*) *Employees other than casual employees.*

	In the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg (excluding the local area of Hout Bay falling under the Divisional Council of the Cape), Bellville and Simonstown.	In the local area of Hout Bay falling under the Divisional Council of the Cape.	In all other areas.
	Per Week. R	*Per Week.* R	*Per Week.* R
Foreman	30.00	28.00	26.00
Assistant foreman	25.00	23.00	21.00
Forewoman	18.00	16.00	14.00
Supervisor	13.00	12.00	11.00
Chargehand	9.00	8.50	8.25
Curer	22.50	21.00	19.50
Clerk, female, qualified	15.70	15.70	12.45
Clerk, female, unqualified—			
During the first year of experience	8.50	8.50	6.90
During the second year of experience	10.15	10.15	8.30
During the third year of experience	12.00	12.00	9.70
During the fourth year of experience	13.90	13.90	11.00
Clerk, male, qualified	23.00	23.00	19.15
Clerk, male, unqualified—			
During the first year of experience	9.20	9.20	7.60
During the second year of expereince	12.00	12.00	9.90
During the third year of experience	14.75	14.75	12.20
During the fourth year of experience	17.50	17.50	14.50
During the fifth year of experience	20.30	20.30	16.80
Factory clerk, qualified	13.00	12.00	11.00
Factory clerk, unqualified—			
During the first six months of experience	7.50	7.00	6.50
During the second six months of experience	10.25	9.50	8.75
First-aid officer	14.00	13.00	12.00
Artisan	26.45	26.45	22.45
Machine handyman	18.00	16.00	15.00
Handyman	14.00	13.00	12.00
Driver of a motor vehicle, the unladen weight of which, together with the unladen weight of any trailer or trailers drawn by such vehicle—			
(i) Does not exceed 1,000 lb	9.20	9.20	8.10
(ii) Exceeds 1,000 lb. but not 6,000 lb	13.30	13.30	12.20
(iii) Exceeds 6,000 lb. but not 10,000 lb	15.70	15.70	14.60
(iv) Exceeds 10,000 lb	20.80	20.80	18.60
Part-time driver of a motor vehicle	10.50	10.50	9.35
Boiler attendant-in-charge	14.00	13.50	12.50
Grade I employee, qualified	11.10	10.25	10.00
Grade I employee, unqualified—			
During the first two months of experience	7.70	7.30	7.10
During the second two months of experience	9.30	8.75	8.50
Grade II employee, qualified	9.30	8.75	8.50
Grade II employee, unqualified	7.70	7.30	7.10
Grade III employee, female	7.70	7.30	7.10
Grade III employee, male	8.00	7.40	7.20
Labourer, male, 18 years of age or over	7.65	7.00	6.50
Labourer, male, under 18 years of age	6.00	5.50	5.00
Labourer, female	7.00	6.50	6.15
Watchman	10.68	9.10	7.65
Employee not elsewhere in this clause specifically mentioned	8.50	8.15	7.80

3. BESOLDIGING.

(1) Die minimum loon wat 'n werkgewer aan elke lid van sy werknemers in die ondergenoemde klasse moet betaal, word hieronder uiteengesit:—

(*a*) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers.*

	In die landdrosdistrikte die Kaap, Wynberg (uitgesonderd die plaaslike gebied van Houtbaai wat onder die Afdelingsraad van die Kaap val), Bellville en Simonstad.	In die plaaslike gebied van Houtbaai wat onder die Afdelingsraad van die Kaap val.	In alle ander gebiede.
	Per Week. R	*Per Week.* R	*Per Week.* R
Voorman	30.00	28.00	26.00
Assistent-voorman	25.00	23.00	21.00
Voorvrou	18.00	16.00	14.00
Opsigter	13.00	12.00	11.00
Onderbaas	9.00	8.50	8.25
Bereier	22.50	21.00	19.50
Klerk, vrou, gekwalifiseer	15.70	15.70	12.45
Klerk, vrou, ongekwalifiseer—			
Gedurende die eerste jaar ondervinding	8.50	8.50	6.90
Gedurende die tweede jaar ondervinding	10.15	10.15	8.30
Gedurende die derde jaar ondervinding	12.00	12.00	9.70
Gedurende die vierde jaar ondervinding	13.90	13.90	11.00

	In die landdros-distrikte die Kaap, Wynberg (uitgesonderd die plaaslike gebied van Houtbaai wat onder die Afdelingsraad van die Kaap val), Bellville en Simonstad.	In die plaaslike gebied van Houtbaai wat onder die Afdelingsraad van die Kaap val.	In alle ander gebiede.
	Per Week. R	*Per Week.* R	*Per Week.* R
Klerk, man, gekwalifiseer	23.00	23.00	19.15
Klerk, man, ongekwalifiseer—			
Gedurende die eerste jaar ondervinding	9.20	9.20	7.60
Gedurende die tweede jaar ondervinding	12.00	12.00	9.90
Gedurende die derde jaar ondervinding	14.75	14.75	12.20
Gedurende die vierde jaar ondervinding	17.50	17.50	14.50
Gedurende die vyfde jaar ondervinding	20.30	20.30	16.80
Fabrieksklerk, gekwalifiseer	13.00	12.00	11.00
Fabrieksklerk, ongekwalifiseer—			
Gedurende die eerste ses maande ondervinding	7.50	7.00	6.50
Gedurende die tweede ses maande ondervinding	10.25	9.50	8.75
Eerstehulpbeampte	14.00	13.00	12.00
Ambagsman	26.45	26.45	22.45
Masjienfaktotum	18.00	16.00	15.00
Faktotum	14.00	13.00	12.00
Bestuurder van 'n motorvoertuig waarvan die onbelaste gewig, saam met die onbelaste gewig van 'n sleepwa of sleepwaens wat deur sodanige voertuig getrek word—			
(i) Hoogstens 1,000 lb. is	9.20	9.20	8.10
(ii) Meer as 1,000 lb. maar hoogstens 6,000 lb. is	13.30	13.30	12.20
(iii) Meer as 6,000 lb. maar hoogstens 10,000 lb. is	15.70	15.70	14.60
(iv) Meer as 10,000 lb. is	20.80	20.80	18.60
Deeltydse bestuurder van 'n motorvoertuig	10.50	10.50	9.35
Toesighoudende stoomketelbediener	14.00	13.50	12.50
Werknemer graad I, gekwalifiseer	11.10	10.25	10.00
Werknemer graad I, ongekwalifiseer—			
Gedurende die eerste twee maande ondervinding	7.70	7.30	7.10
Gedurende die tweede twee maande ondervinding	9.30	8.75	8.50
Werknemer graad II, gekwalifiseer	9.30	8.75	8.50
Werknemer graad II, ongekwalifiseer	7.70	7.30	7.10
Werknemer graad III, vrou	7.70	7.30	7.10
Werknemer graad III, man	8.00	7.40	7.20
Arbeider, man, 18 jaar of ouer	7.65	7.00	6.50
Arbeider, man, onder 18 jaar	6.00	5.50	5.00
Arbeider, vrou	7.00	6.50	6.15
Wag	10.68	9.10	7.65
Werknemer wat nie elders in hierdie klousule uitdruklik gemeld word nie	8.50	8.15	7.80

* NOTE.—As indicated in paragraph 95 of the Board's report concerning this industry, the recommendation in respect of wages is based on the assumption that the Honourable the Minister of Labour will suspend the Cost of Living Allowance Regulations framed under War Measure No. 43 of 1942, i.e., the Board's recommendation implies the consolidation of the cost of living allowance with the wage.

(*b*) *Casual Employees.*—A casual employee shall be paid in respect of every day or part of a day of employment not less than one-fifth of the weekly wage prescribed for an employee in the same area and of the same sex who performs the same class of work as the casual employee is required to do: Provided that, where the employer requires a casual employee to perform the work of a class of employee for whom wages on a rising scale are prescribed the expression "weekly wage" shall mean the weekly wage prescribed for a qualified employee of that class and provided further that where the employer requires a casual employee to work for a period of not more than four consecutive hours on any day, his wage may be reduced by not more than fifty per cent.

(2) *Basis of Contract.*—For the purpose of this clause the contract of employment of an employee, other than a casual employee, shall be on a weekly basis, and, save as provided in clause 4 (6), an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), for an employee of his class in the area in which he works, whether he has in that week worked the maximum number of ordinary hours of work applicable to him in terms of clause 5 or less.

(3) *Differential Wage.*—An employer who requires or permits a member of one class of his employees to perform for longer than one hour in the aggregate on any day, either in addition to his own work or in substitution therefor, work of another class for which either—

(*a*) a wage higher than that of his own class; or

(*b*) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class,

is prescribed in sub-clause (1), shall pay to such employee in respect of that day—

(i) in the case referred to in paragraph (*a*), not less than the daily wage calculated at the higher rate, and,

* OPMERKING.—Soos in paragraaf 95 van die Raad se verslag oor hierdie Nywerheid aangetoon word, is die aanbeveling ten opsigte van lone gebaseer op die veronderstelling dat die Minister van Arbeid die Lewenskosteregulasies sal opskort wat kragtens Oorlogsmaatreëls No. 43 van 1942 uitgevaardig is, d.w.s. die Raad se aanbeveling behels die konsolidasie van die lewenskoste met die loon.

(*b*) *Los werknemers.*—'n Los werknemer moet vir elke dag of deel van 'n dag diens minstens een-vyfde betaal word van die weekloon voorgeskryf vir 'n werknemer in dieselfde gebied en van dieselfde geslag, wat dieselfde klas werk verrig as wat van die los werknemer vereis word: Met dien verstande dat, as die werkgewer vereis dat sy los werknemer die werk verrig van 'n klas werknemer vir wie 'n loon teen 'n stygende skaal voorgeskryf word, die uitdrukking „weekloon" beteken die weekloon voorgeskryf vir 'n gekwalifiseerde werknemer van dié klas, en voorts met dien verstande dat as die werkgewer vereis dat sy los werknemer 'n tydperk van hoogstens vier opeenvolgende ure op enige dag werk, sy loon met hoogstens vyftig persent verminder mag word.

(i) an employee's own misconduct;
(ii) an accident within the meaning of the Workmen's Compensation Act, 1941.

8. Public Holidays and Sundays.

(1) Subject to the provisions of clause 4 (6), if an employee does not work on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage.

(2) Whenever an employee works on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day his employer shall, save as provided in clause 4 (6), pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage, plus an amount calculated at a rate not less than his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such day: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(3) *Compensation for works on a Sunday.*—Whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

(*a*) pay the employee—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage;

(ii) if he so works for a period exceeding four hours, at a rate of not less than double his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, or not less than double his daily wage, whichever is the greater; or

(*b*) pay him at a rate not less than one-and-one-third times his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday and grant him within seven days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday he shall be deemed to have worked for four hours.

(4) The provisions of this clause shall not apply to a senior managerial, professional or administrative employee if and for so long as such an employee is in receipt of regular remuneration at a rate of not less than R180 per month nor to a foreman or a watchman.

9. Piece-work.

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, introduce any piece-work system and, save as provided in clause 4 (6), the employer shall pay such employee, who is employed on such piece-work system, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay such employee not less than—

(*a*) in the case of an employee other than a casual employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had he been remunerated on the basis of time worked;

(*b*) in the case of a casual employee, in respect of each day on which piece-work is performed the amount which he would have been required to pay such employee for that day had he been remunerated on the basis of time worked.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the rates referred to in sub-clause (1).

(3) An employer who intends to cancel or amend any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than one month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give not less than the period of notice agreed upon.

(4) Vir die toepassing van hierdie klousule word daar geag dat die uitdrukking—

(*a*) "diens" enige tydperk of tydperke omvat waartydens 'n werknemer afwesig is—

(i) met verlof kragtens klousule 6;
(ii) op las of op die versoek van sy werkgewer;
(iii) met siekteverlof kragtens subklousule (1);
(iv) terwyl hy militêre opleiding ooreenkomstig die Verdedigingswet, 1957, ondergaan;

wat altesaam hoogstens tien weke in 'n jaar beloop ten opsigte van items (i), (ii) en (iii), plus tot vier maande van enige tydperk van militêre opleiding wat in dié jaar ondergaan is, en enige tydperk wat 'n werknemer onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Vasstelling by dieselfde werkgewer in diens was, moet vir die toepassing van hierdie klousule as diens kragtens hierdie Vasstelling geag word, en enige siekteverlof met volle besoldiging aan sodanige werknemer gedurende sodanige tydperk toegestaan, moet geag word kragtens hierdie Vasstelling toegestaan te gewees het;

(*b*) "ongeskiktheid" beteken die onvermoë om te werk weens enige siekte of besering, uitgesonderd dié wat veroorsaak is deur—

(i) 'n werknemer se eie wangedrag;
(ii) 'n ongeluk binne die betekenis van die Ongevallewet, 1941;

8. Openbare vakansiedae en Sondae.

(1) Behoudens die bepalings van klousule 4 (6) moet 'n werkgewer aan sy werknemer, as hy nie op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag of Kersdag werk nie, vir die week waarin sodanige dag val minstens sy weekloon betaal.

(2) Wanneer 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), vir die week waarin sodanige dag val minstens sy weekloon betaal, plus 'n bedrag bereken teen 'n tarief wat minstens gelyk is aan sy gewone loon, ten opsigte van die totale tydperk op sodanige dag deur hom gewerk: Met dien verstande dat waar van so 'n werknemer vereis word of hy toegelaat word om vir minder as vier uur op sodanige dag te werk, daar geag moet word dat hy vier uur gewerk het.

(3) *Vergoeding vir werk op 'n Sondag.*—Wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(*a*) aan die werknemer—

(i) indien hy vir 'n tydperk van hoogstens vier uur aldus werk, minstens sy dagloon betaal;
(ii) indien hy vir 'n tydperk van langer as vier uur aldus werk, teen 'n skaal van minstens dubbel sy gewone loon betaal ten opsigte van die totale tydperk wat hy op sodanige Sondag werk, of minstens dubbel sy dagloon, na gelang van die grootste bedrag;

(*b*) hom betaal teen 'n skaal van nie minder as een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk wat hy op so 'n Sondag gewerk het, en hom binne sewe dae vanaf so 'n Sondag een dag verlof toestaan en hom vir dié dag minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat wanneer vereis of toegelaat word dat so 'n werknemer minder as vier uur op so 'n Sondag werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(4) Die bepalings van hierdie klousule is nie op 'n senior bestuurs-, professionele of administratiewe werknemer van toepassing nie, indien en solank as sodanige werknemer 'n gereelde besoldiging teen 'n skaal van minstens R180 per maand ontvang, of op 'n voorman of wag nie.

9. Stukwerk.

(1) 'n Werkgewer kan, na minstens een week kennisgewing aan sy werknemer, enige stukwerkstelsel instel en, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet die werkgewer sodanige werknemer wat volgens sodanige stukwerkstelsel werk, die besoldiging betaal wat ooreenkomstig sodanige stelsel van toepassing is: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid werk wat verrig is, sodanige werknemer minstens die volgende moet betaal:—

(*a*) In die geval van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke week waarin stukwerk verrig word, die bedrag wat hy aan sodanige werknemer vir dié week sou moes betaal het as hy op die grondslag van tyd wat gewerk is, besoldig sou gewees het;

(*b*) in die geval van 'n los werknemer, ten opsigte van elke dag waarop stukwerk verrig word die bedrag wat hy aan sodanige werknemer sou moes betaal het vir dié dag as hy op die grondslag van tyd wat gewerk is, besoldig sou gewees het.

(2) 'n werkgewer moet 'n lys van die lone in subklousule (1) vermeld in 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting opgeplak hou.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om enige bestaande stukwerkstelsel of die lone dienooreenkomstig van toepassing, in te trek of te wysig, moet sy werknemer wat volgens sodanige stelsel werk, minstens een maand vooraf kennis gee van sodanige voorneme: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer tydperk van kennisgewing kan ooreenkom, en in dié geval moet die werkgewer minstens die tydperk waaroor ooreengekom is, daarvan kennis gee.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer need not give a casual employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

10. PROHIBITION OF EMPLOYMENT.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

11. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING.

An employer shall supply and maintain in serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall, gumboots or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law or regulation he is compelled to provide for his employee and any such uniform, overall, gumboots or other protective clothing shall remain the property of the employer: Provided that an employer may require an employee to launder any such uniform, overall or protective clothing in which event the employer shall pay such employee an allowance of not less than ten cents every week.

12. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT.

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(*a*) during the first four weeks of employment, not less than one work day's;

(*b*) after the first four weeks of employment, not less than one week's;

notice of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of one work day's notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:—

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1), the payment or forfeiture in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in sub-clause (1) shall take effect from the day on which it is given: Provided—

(i) that the period of notice shall not run concurrently with nor shall notice be given during an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training which an employee is undergoing in pursuance of the Defence Act, 1957;

(ii) that notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7 or on a day other than a work day.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this Determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such employee by virtue of any provisions of this Determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice.

13. CERTIFICATE OF SERVICE.

An employer shall upon termination of the contract of employment, other than through the desertion of an employee, furnish his employee, other than a casual employee, with a certificate of service, substantially in the form prescribed in the Schedule to this Determination, showing the full names of the employer and his employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the employee's weekly wage at the date of such termination.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer nie 'n los werknemer kennis te gee van sy voorneme om enige stukwerkstelsel in te stel of dit in te trek of te wysig nie.

10. VERBOD OP INDIENSNEMING.

'n Werkgewer mag nie 'n persoon onder die ouderdom van vyftien jaar in diens neem nie.

11. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE.

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere wat hy vereis dat sy werknemer moet dra of wat enige wet of regulasie hom verplig om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in bruikbare en sindelike toestand hou; en alle sodanige uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer; met dien verstande dat 'n werkgewer kan vereis dat 'n werknemer sodanige uniform, oorpak of beskermende klere was en stryk, en dan moet die werkgewer so 'n werknemer 'n toelae van minstens tien sent per week betaal.

12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(*a*) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag;

(*b*) na die eerste vier weke diens, minstens een week;

kennis gee van die beëindiging van die kontrak, of 'n werkgewer of werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, minstens die volgende aan die werknemer te betaal of aan die werkgewer te betaal, na gelang van die geval:—

(i) In die geval van een werkdag kennisgewing, die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van 'n week kennisgewing, die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat dit nie die volgende moet raak nie:—

(i) Die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer om die kontrak om enige regsgeldige rede sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) enige skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer wat voorsiening maak vir 'n tydperk van kennisgewing van gelyke duur vir albei partye en vir langer as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die inwerkingtreding van enige verbeurings of boetes wat by wet ten opsigte van 'n werknemer wat dros van toepassing mag wees:

Voorts met dien verstande dat waar die loon van 'n werknemer ten tyde van die beëindiging verminder is deur bedrae wat ten opsigte van korttyd afgetrek is, die uitdrukking „ontvang ten tyde van sodanige beëindiging", wanneer 'n werkgewer 'n werknemer in plaas van kennisgewing betaal, geag moet word „sou ontvang het ten tyde van sodanige beëindiging indien geen bedrae wat ten opsigte van korttyd afgetrek is nie" te beteken.

(2) Waar daar 'n ooreenkoms kragtens die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) bestaan, moet die betaling of verbeuring in plaas van kennisgewing, met die tydperk van kennisgewing waaroor ooreengekom is, ooreenstem.

(3) Die kennisgewingstermyn wat in subklousule (1) voorgeskryf word, loop vanaf die dag waarop daar kennis gegee word; met dien verstande—

(i) dat die kennisgewingstermyn nie mag saamval nie met, of dat kennis nie gegee mag word nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof wat ooreenkomstig klousule 6 verleen is of enige tydperk van militêre opleiding wat 'n werknemer ooreenkomstig die Verdedigingswet, 1957, ondergaan nie;

(ii) dat kennis nie gegee mag word nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof wat ooreenkomstig klousule 7 verleen is of op enige dag wat nie 'n werkdag is nie.

(4) Waar 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy werk sonder kennisgewing te verlaat of sonder om sy werkgewer in plaas van kennisgewing te betaal, kan sy werkgewer, nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, uit enige geld wat hy kragtens die bepalings van hierdie Vasstelling aan sodanige werknemer verskuldig is, ten behoewe van homself beslag lê op 'n bedrag van hoogstens die bedrag wat daardie werknemer hom in plaas van kennisgewing sou moes betaal het.

13. DIENSSERTIFIKAAT.

'n Werkgewer moet by die beëindiging van die dienskontrak, uitgesonderd deur die dros van 'n werknemer, aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, 'n dienssertifikaat verskaf, wesenlik in die vorm voorgeskryf in die Bylae van hierdie Vasstelling, wat die volle naam van die werkgewer en sy werknemer meld, die beroep van die werknemer, die datum waarop die kontrak 'n aanvang geneem het en die datum waarop dit geëindig het en die werknemer se weekloon ten tyde van sodanige beëindiging.

SCHEDULE.

I/We (*a*).....
.....carrying on trade in the Fish Processing Industry at.....
.....
.....
.....
hereby sertify that.....
was employed by me/us (*a*) from the.....day of.....19..... to the.....
day of.....19..... in the occupation of (*b*)..... At the termination of employment his/her (*a*) wage was.....
rand.....cents per week.

.....
(Signature of employer or Authorised Representative).

Date.....

(*a*) Delete whichever inapplicable.

(*b*) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged e.g., clerk, labourer.

W. F. J. STEENKAMP, *Chairman.*
H. W. TINDALE, *Member.*
J. MARAIS, *Addisional Member.*

J. T. LLEWELLYN, *Secretary.*
Pretoria, 14th August, 1963.

BYLAE.

Ek/Ons(*a*) ..... wat sake doen in die Visverwerkingsnywerheid te.....
.....
.....
.....
sertifiseer hierby dat.....
in my/ons(*a*) diens was vanaf die.....dag van .....19..... tot die.....dag van 19.....
in die beroep van (*b*)..... By diensbeëindiging was sy/haar(*a*) loon.....rand.....sent per week.

.....
Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger.)

Datum.....

(*a*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

(*b*) Vermeld beroep waarin werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik werksaam was, bv. klerk, arbeider.

W. F. J. STEENKAMP, *Voorsitter.*
H. W. TINDALE, *Lid.*
J. MARAIS, *Addisionele Lid.*

J. T. LLEWELLYN, *Sekretaris.*
Pretoria, 14 Augustus 1963.

GENERAL NOTICES.

NOTICE No. 647 OF 1963.

NOTICE TO OWNERS AND MORTGAGEES IN TERMS OF SUB-SECTION (4) OF SECTION *NINETEEN* OF THE GROUP AREAS DEVELOPMENT ACT, 1955 (ACT No. 69 OF 1955), AS AMENDED, WHOSE ADDRESSES ARE UNKNOWN.

Owners and mortgagees of the undermentioned properties are hereby notified that the final basic values thereof have been determined as indicated in the Schedule to this notice.

In terms of section *nineteen* (4) (*a*) of Act No. 69 of 1955, any such owner or mortgagee may, where the final determination was made after consideration of any objections lodged under sub-section (2), lodge with the Minister an appeal against such determination within 21 days, as from 20th September, 1963.

Any appeal you may wish to lodge must be submitted to the Regional Under-Secretary, Department of Community Development, Private Bag 6015, Port Elizabeth.

A notice of appeal shall set forth the grounds of appeal and the amount which, it is claimed should be the basic value of the property concerned.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KENNISGEWING No. 647 VAN 1963.

KENNISGEWING AAN EIENAARS EN VERBANDHOUERS INGEVOLGE SUBARTIKEL (4) VAN ARTIKEL *NEGENTIEN* VAN DIE WET OP DIE ONTWIKKELING VAN GROEPSGEBIEDE, 1955 (WET No. 69 VAN 1955), SOOS GEWYSIG, WIE SE ADRESSE ONBEKEND IS.

Eienaars en verbandhouers van die onderstaande eiendomme word hiermee in kennis gestel dat die finale basiese waarde daarvan bepaal is soos aangeteken teenoor die betrokke eiendomme in die Bylae tot hierdie kennisgewing.

Kragtens die bepalings van artikel *negentien* (4) (*a*) van Wet No. 69 van 1955 kan die eienaar of verbandhouer, waar die finale bepaling na oorweging van besware ingevolge subartikel (2) geskied het binne 21 dae vanaf 20 September 1963 'n appèl teen daardie bepaling by die Minister aanteken.

Enige appèl wat wens aangeteken te word moet per adres die Streekondersekretaris, Departement van Gemeenskapsbou, Privaatsak 6015, Port Elizabeth, ingedien word.

'n Kennisgewing van appèl moet die gronde van appèl uiteengesit asook die bedrag wat na bewering die basiese waarde van die betrokke eiendom behoort te wees.

SCHEDULE.—*BYLAE.*

Beskrywing van eiendom. *Description of Property.*	Grootte. *Area.*	Eienaar. *Owner.*	Finale basiese waarde. *Final Basic Value.*
Erf No. 1056, Alexandria.....	146 vk. rde./*sq. rds.* 138·7 vk. vt./*sq. ft.*.....	Alfred Fudumele Ncandana.....	R1,000
Erf No. 1057, Alexandria.....	103 vk. rde./*sq. rds.* 81 vk. vt./*sq. ft.*.....	Mary Ann Badella.....	R210

27-4-11

NOTICE No. 678 OF 1963.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA.
(Eastern Cape Division.)

THIRD BORDER CIRCUIT COURT, 1963.

Under and by virtue of the powers in me vested by section *seven* of Act No. 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following Circuit Districts for the sitting of the above-mentioned Court:—

1. The District of Queenstown, together with the Districts of Cathcart, Elliot, Glen Grey, Indwe, Maclear, Sterkstroom, Tarka, Wodehouse, Xalanga, King William's Town, Victoria East, Keiskammahoek, Komga, Middledrift, Stutterheim, Aliwal North, Albert, Barkly East, Herschel, Jamestown, Lady Grey, Molteno and Venterstad.
2. The District of Graaff-Reinet, together with the Districts of Colesberg, Aberdeen, Cradock, Hanover, Jansenville, Maraisburg, Middelburg, Murraysburg, Pearston, Steynsburg and Noupoort.
3. The District of Uitenhage, together with the Districts of Humansdorp, Kirkwood and Steytlerville.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the towns and on the dates set forth in the schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

Given under my Hand and the Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division) at Grahamstown this 24th day of September, 1963.

A. G. JENNETT,
Judge President.

SCHEDULE.

Queenstown, Wednesday, 30th October, 1963, at 9.30 a.m., Thursday, 31st October, 1963, at 9.30 a.m.

Graaff-Reinet, Monday, 4th November, 1963, at 9.30 a.m.

Uitenhage, Thursday, 7th November, 1963, at 9.30 a.m., Friday, 8th November, 1963, at 9.30 a.m.

NOTICE No. 679 OF 1963.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA.
(Eastern Cape Division.)

FOURTH TRANSKEIAN CIRCUIT COURT, 1963.

Under and by virtue of the powers in me vested by section *seven* of Act 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following Circuit Districts for the sitting of the above-mentioned Court:—

1. The District of Mount Currie, together with the District of Kokstad, Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu and Umzimkulu.
2. The District of Umtata, together with the District of Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St. Johns, Qumbu and Tsolo.
3. The District of Butterworth, together with the Districts of Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St. Marks, Tsomo and Willowvale.

And I further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the towns and on the dates set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or so soon thereafter as conveniently may be.

KENNISGEWING No. 678 VAN 1963.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.
(Oos-Kaapse Afdeling.)

DERDE GRENS RONDGAANDE HOF, 1963.

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel *sewe* van Wet No. 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bogemelde Hof gevorm het:—

1. Die distrik Queenstown, tesame met die distrikte Cathcart, Elliot, Glen Grey, Indwe, Maclear, Sterkstroom, Tarka, Wodehouse, Xalanga, Aliwal Noord, Albert, Barkly-Oos, Herschel, Jamestown, Lady Grey, Molteno, Venterstad, King William's Town, Victoria-Oos, Keiskammahoek, Komga, Middeldrift en Stutterheim.
2. Die distrik Graaff-Reinet, tesame met die distrikte Colesberg, Aberdeen, Cradock, Hanover, Jansenville, Maraisburg, Middelburg, Murraysburg, Pearston, Steynsburg en Noupoort.
3. Die distrik Uitenhage, tesame met die distrikte Humansdorp, Kirkwood en Steytlerville.

En voorts beveel en gelas ek dat gemelde rondgaande hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in bygaande bylae vermeld; met dien verstande dat, ingeval die regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die rondgaande hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datums wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die rondgaande hof ge-open moet word op die dag en datum waarop die regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse Afdeling) te Grahamstad, op hede die 24ste dag van September 1963.

A. G. JENNETT,
Regter-president.

BYLAE.

Queenstown, Woensdag, 30 Oktober 1963 om 9.30 vm., Donderdag, 31 Oktober 1963 om 9.30 vm.

Graaff-Reinet, Maandag, 4 November 1963 om 9.30 vm.

Uitenhage, Donderdag, 7 November 1963 om 9.30 vm., Vrydag, 8 November 1963 om 9.30 vm.

KENNISGEWING No. 679 VAN 1963.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.
(Oos-Kaapse afdeling.)

VIERDE TRANSKEISE RONDGAANDE HOF, 1963.

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel *sewe* van Wet No. 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bogemelde hof gevorm het:—

1. Die distrik Mount Currie, tesame met die distrikte Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu en Umzimkulu, Kokstad.
2. Die distrik Umtata, tesame met die distrikte Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St. Johns, Qumbu en Tsolo.
3. Die distrik Butterworth, tesame met die distrikte Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St. Marks, Tsomo en Willowvale.

En voorts beveel en gelas ek dat die gemelde rondgaande hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in bygaande Bylae vermeld, met dien verstande, dat ingeval die regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die rondgaande hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datums wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die rondgaande hof ge-open moet word op die dag en datum waarop die regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Given under my Hand and the Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division) at Grahamstown, this 24th day of September, 1963.

A. G. JENNETT,
Judge-President.

SCHEDULE.

Kokstad, Tuesday, 12th November, 1963, at 9.30 a.m.
Umtata, Monday, 18th November, 1963, at 9.30 a.m.
Butterworth, Tuesday, 26th November, 1963, at 9.30 a.m.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse Afdeling) te Grahamstad, op hede die 24ste dag van September 1963.

A. G. JENNETT,
Regter-president.

BYLAE.

Kokstad, Dinsdag, 12 November 1963 om 9.30 vm.
Umtata, Maandag, 18 November 1963 om 9.30 vm.
Butterworth, Dinsdag, 26 November 1963 om 9.30 vm.

NOTICE No. 680 OF 1963.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement of Assets and Liabilities on the 27th day of September, 1963.

LIABILITIES.	R c
Capital	2,000,000–00
Reserve Fund	9,905,627–21
Notes in Circulation	280,055,236–00
Deposits:	
Government	163,301,178–91
Provincial Administrations	20,848,034–36
Bankers	123,540,258–41
Other	9,294,100–92
Other Liabilities	29,428,063–81
	R638,372,499–62

ASSETS.	R c
Gold (of which R79,022,158–60 is held outside the Republic)	458,222,549–30
Foreign:	
Bills	19,361,373–76
Investments	27,294,796–43
Other Assets	20,177,489–08
Total Gold and Foreign Assets	525,056,208–57
Domestic:	
Bills discounted	41,540,000–00
Loans and Advances:	
Government	—
Other	16,135,423–79
Securities:	
Government	31,506,090–23
Other	1,700,995–19
Other Assets	22,433,781–84
	R638,372,499–62

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 85·6 per cent.

Pretoria, 2nd October, 1963.

S. F. T. GREAVES, Chief Cashier.

KENNISGEWING No. 680 VAN 1963.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat van Bates en Laste op die 27ste dag van September 1963.

LASTE.	R c
Kapitaal	2,000,000–00
Reserwefonds	9,905,627–21
Note in Omloop	280,055,236–00
Deposito's:	
Regering	163,301,178–91
Provinsiale Administrasies	20,848,034–36
Bankiers	123,540,258–41
Andere	9,294,100–92
Ander Laste	29,428,063–81
	R638,372,499–62

BATES.	R c
Goud (waarvan R79,022,158–60 buite die Republiek gehou word)	458,222,549–30
Buitelandse:	
Wissels	19,361,373–76
Beleggings	27,294,796–43
Ander Bates	20,177,489–08
Totaal aan Goud en Buitelandse Bates	525,056,208–57
Binnelandse:	
Gediskonteerde Wissels	41,540,000–00
Lenings en Voorskotte:	
Regering	—
Andere	16,135,423–79
Sekuriteite:	
Regering	31,506,090–23
Andere	1,700,995–19
Ander Bates	22,433,781–84
	R638,372,499–62

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 85·6 persent.

Pretoria, 2 Oktober 1963.

S. F. T. GREAVES, Hoofkassier.

NOTICE No. 682 OF 1963.

SOUTH AFRICAN SHIPPING BOARD.

The next meeting of the South African Shipping Board will be held in Port Elizabeth on Thursday, 24th October, 1963.

L. T. ZEEDERBERG,
Secretary, South African Shipping Board.

KENNISGEWING No. 682 VAN 1963.

SUID-AFRIKAANSE SKEEPVAARTRAAD.

Die volgende vergadering van die Suid-Afrikaanse Skeepvaartraad sal op Donderdag 24 Oktober 1963, in Port Elizabeth gehou word.

L. T. ZEEDERBERG,
Sekretaris, Suid-Afrikaanse Skeepvaartraad.

NOTICE No. 681 OF 1963.

GENERAL NOTICE.

CUSTOMS TARIFF APPLICATIONS.

LIST No. 352.

The following representations affecting the Customs Tariff have been received by the Board of Trade and Industries:—

Increase in Duty on:—

Bifurcated rivets and flat steel washers, from 3 per cent *ad valorem* to 20 per cent *ad valorem*. (B.T.I. Ref. 35/9/10.)

[Applicant: Concrete Products Company (Pty.), Ltd., P.O. Box 48, Edenvale, Transvaal.]

Rebate of Duty on:—

Asbestos felts used in the manufacture of asbestos-based roofing felts, dampcourse and pipe wrappings. (B.T.I. Ref. 43/11/5.)

(Applicant: Bitroid Limited, P.O. Box 5100, Boksburg North.)

Withdrawal of the Rebate Facilities in respect of:—

Frames, metal and other.

Hoops and hooping of metal.

Handles, wire rings, D-rings and squares, hinges, outside and inside corners, corner brackets, trunk and suitcase bumpers, trunk handle loops, of metal.

Bifurcated rivets.

Metal strip in rolls or coils—as provided for under tariff item 541 (1) for the industry manufacturing articles such as leatherwork, bags, travelgoods, leggings, belts, straps and harness and saddlery, of leather or substitutes for leather, and trunks of any material. (B.T.I. Ref 35/9/10.)

[Applicant: Concrete Products Company (Pty.), Ltd., P.O. Box 48, Edenvale, Transvaal.]

General:—

1. In order to overcome administrative difficulties, the Secretary for Customs and Excise has suggested that, for the provisions under rebate item 491 (1) (*a*) (ii), the following should be substituted:—

   "Ornamental textile trimmings, other than braid." (B.T.I. Ref. 125/11/43.)

2. Refund of duty on stringers and components of synthetic materials for the manufacture of non-metal slide fasteners for export. (B.T.I. Ref. 129/13/1.)

   [Applicant: Opti-lon (Africa) (Pty.), Ltd., P.O. Box 1385, Durban.]

For List No. 351 see General Notice No. 676 of the 4th October, 1963.

KENNISGEWING No. 681 VAN 1963.

ALGEMENE KENNISGEWING.

DOEANETARIEFAANSOEKE.

LYS No. 352.

Onderstaande vertoë betreffende die Doeanetarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang:—

Verhoging van die reg op:—

Vurkklinknaels en plat staalwasters, vanaf 3 persent *ad valorem tot* 20 persent *ad valorem*. (R.H.N.-verw. 35/9/10.)

[Applikant: Concrete Products Company (Pty.), Ltd., Posbus 48, Edenvale, Transvaal.]

Korting van die reg op:—

Asbesviltsoorte wat by die vervaardiging van dakviltsoorte, voglaag en pypomhulsels met 'n asbesbasis, gebruik word. (R.H.N.-verw. 43/11/5.)

(Applikant: Bitroid Limited, Posbus 5100, Boksburg-Noord.)

Intrekking van die kortingfasiliteite ten opsigte van:—

Metaal- en ander raamwerke.

Hoepels en hoepelmateriaal, van metaal.

Handvatsels, draadringe, D-ringe en vierkante, skarniere, buite- en binnehoekstukke, hoeksteunsels, koffer- en handtasbuffers, kofferhandvatsellusse, van metaal.

Vurkklinknaels.

Metaalstrook in rolle of in klosse—soos by tariefpos 541 (1) voorsiening gemaak is vir die nywerheid wat artikels soos leerwerk, sakke, reistoebehorens, kamaste, lyfbande, rieme en tuig- en saalmakersartikels, uit leer of uit substitute vir leer, en koffers van enige materiaal vervaardig. (R.H.N.-verw. 35/9/10.)

[Applikant: Concrete Products Company (Pty.), Ltd., Posbus 48, Edenvale, Transvaal.]

Algemeen:—

1. Ten einde administratiewe moeilikhede te bowe te kom, het die Sekretaris van Doeane en Aksyns voorgestel dat die voorsienings by kortingspos 491 (1) (*a*) (ii) deur die volgende vervang word:—

   „Siertekstielbelegsel, uitgesonderd omvlegsel." (R.H.N.-verw. 125/11/43).

2. Terugbetaling van die reg op skuifsome en onderdele van sintetiese materiale vir die vervaardiging van nie-metaalritssluiters vir uitvoer. (R.H.N.-verw. 129/13/1.)

   [Applikant: Opti-lon (Africa) (Pty.), Ltd., Posbus 1385, Durban.]

Kyk Algemene Kennisgewing No. 676 van 4 Oktober 1963 vir Lys No. 351.

NOTICE No. 683 OF 1963.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT No. 51 OF 1949).

Pursuant to the provisions of paragraphs (*a*) and (*b*) of section *five* of the above-mentioned Act and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with sub-section (1) of section *six* of the above-mentioned Act, in support of or in opposition to an application, should reach the Secretary for Transport (Division of Civil Aviation), Private Bag 193, Pretoria, within 21 days of the date of this publication stating whether the party or parties making such representations intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

KENNISGEWING No. 683 VAN 1963.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET No. 51 VAN 1949).

Hierby word ingevolge die bepalings van paragrawe (*a*) en (*b*) van artikel *vyf* van bogenoemde Wet en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge subartikel (1) van artikel *ses* van bogenoemde Wet ter ondersteuning, of bestryding van 'n aansoek moet die Sekretaris van Vervoer (Afdeling Burgerlugvaart), Privaatsak 193, Pretoria, binne 21 dae vanaf die datum van hierdie publikasie bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die applikant en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

SCHEDULE A.

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR THE GRANT OF LICENCES.

(A) Name and address of applicant. (B) Particulars of Air Service. (C) Proposed tariff of charges. (D) Aircraft to be used. (E) Proposed routes, areas and frequencies and base(s) op operation.

(A) Pietermaritzburg Aero Club, P.O. Box 146, Pietermaritzburg. (B) Non-scheduled. (C) At the rate of 12½c per mile. (D) Aeronca Chief ZS-BRD, Piper PA 22 ZS-DKJ. (E) Various routes near to Pietermaritzburg and in the Republic of South Africa: Oribi (Pietermaritzburg).

(A) Techno Aviation Services (Pty.), Ltd., P.O. Box 8211, Johannesburg. (B) Non-scheduled. (C) Aero Commander 30c to 35c per mile, Beech 18 30c to 35c per mile, De Havilland Dove 30c to 35c per mile, Cessna Skylane 18c per mile, Lockheed Macchi AL 60 25c per mile. (D) Initially Aero Commander 500 B ZS-CAZ, Lockheed Macchi AL 60 ZS-CXL: Baragwanath. (E) The Republic of South Africa, the British Protectorates, South West Africa, Portuguese Possessions, Southern Rhodesia.

(A) Witbank Aeronautical Association, P.O. Box 324, Witbank. (B) Flying training. (C) R8 per hour—afterwards R6 per hour. (D) Piper Vagabond ZS-DCK, ZS-DCM. (E) Witbank.

SCHEDULE B.

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT OF LICENCES.

(A) Name and address of applicant. (B) Title under which the applicant is conducting the air service. (C) Particulars of the licence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which have been applied for.

(A) Pietermaritzburg Aero Club, P.O. Box 146, Pietermaritzburg. (B) Pietermaritzburg Aero Club. (C) Flying Training No. 316, dated 28th August, 1961: Under "Aircraft to be used" add "Piper PA 22 ZS-DKJ".

(A) Witbank Aeronautical Association, P.O. Box 324, Witbank. (B) Witbank Aeronautical Association. (C) Flying Training No. 179, dated 22nd November, 1956: Under "Aircraft to be used" delete "Piper Cub ZS-AZJ" and add "Vagabond ZS-DCK".

NOTICE No. 685 OF 1963.

LIQUOR ACT, 1928.

NOTICE OF INTERIM MEETING OF THE LIQUOR LICENSING BOARD FOR LIQUOR LICENSING AREA No. 41.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Liquor Act, 1928, it is hereby notified that the Chairman of the Liquor Licensing Board for Liquor Licensing Area No. 41 has, in terms of sub-section (1) of the said section convened an interim meeting of the Board at the Magistrate's Court at Johannesburg in the District of Johannesburg, at 10 o'clock in the forenoon on the 18th day of October, 1963, for consideration of the following matters:—

Application in terms of section *one hundred-and-sixteen* (*b*) of the Act for Criterion Bottle Store, 1963 (Pty.), Ltd., in effect to control the business known as Criterion Bottle Store, corner of Kerk- and Von Weilligh Streets, Johannesburg, of which Cecil Louis Dorfman will be the Licensee.

I. DEKENAH.
Chairman of the Board for Liquor Licensing Area No. 41.

Johannesburg, 30th September, 1963.

BYLAE A.

LYS VAN AANSOEKE OM DIE TOESTAAN VAN LISENSIES.

(A) Naam en adres van applikant. (B) Besonderhede van lugdiens. (C) Voorgestelde tariefskaal. (D) Vliegtuie wat gebruik gaan word. (E) Voorgestelde roetes, gebiede en frekwensies en uitgangsbasis(se).

(A) Pietermaritzburg Aero Club, Posbus 146, Pietermaritzburg. (B) Nie-vasgestelde. (C) 12½c per myl. (D) Aeronca Chief ZS-BRD, Piper PA22 ZS-DKJ. (E) Pietermaritzburg en omgewing en die Republiek van Suid-Afrika: Oribi (Pietermaritzburg).

(A) Techno Aviation Services (Pty.), Ltd., Posbus 8211, Johannesburg. (B) Nie-vasgestelde. (C) Aero Commander 30c tot 35c per myl, Beech 18 30c tot 35c per myl, De Havilland Dove 30c tot 35c per myl, Cessna Skylane 18c per myl, Lockheed Macchi AL60 25c per myl. (D) Aanvanklik Aero Commander 500 B ZS-CAZ, Lockheed Macchi AL60 ZS-CXL: Baragwanath. (E) Die Republiek van Suid-Afrika, Britse Protektorate, Suidwes-Afrika, Portugese gebiede, Suid-Rhodesië.

(A) Witbank Aeronautical Association, Posbus 324, Witbank. (B) Vliegopleiding. (C) R8 per uur—daarna R6 per uur. (D) Piper Vagabond ZS-DCK, ZS-DCM. (E) Witbank.

BYLAE B.

LYS VAN AANSOEKE OM DIE VERANDERING OF WYSIGING VAN LISENSIES.

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die applikant die lugdiens eksploiteer. (C) Besonderhede van die lisensie en die verandering of wysiging daarvan of van die voorwaardes waarom aansoek gedoen is.

(A) Pietermaritzburg Aero Club, Posbus 146, Pietermaritzburg. (B) Pietermaritzburg Aero Club. (C) Vliegopleiding No. 316, gedateer 28 Augustus 1961: Onder „Vliegtuie wat gebruik gaan word" voeg by „Piper PA22 ZS-DKJ".

(A) Witbank Aeronautical Association, Posbus 324, Witbank. (B) Witbank Aeronautical Association. (C) Vliegopleiding No. 179, gedateer 22 November 1956: Onder „Vliegtuie wat gebruik gaan word" skrap „Piper Cub ZS-AZJ" en voeg by „Vagabond ZS-DCK".

KENNISGEWING No. 685 VAN 1963.

DRANKWET, 1928.

KENNISGEWING VAN TUSSENTYDSE VERGADERING VAN DIE DRANKLISENSIERAAD VIR DRANKLISENSIEGEBIED No. 41.

Ingevolge subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Drankwet, 1928, word hierby bekendgemaak dat die Voorsitter van die Dranklisensieraad vir Dranklisensiegebied No. 41, ingevolge subartikel (1) van gemelde artikel 'n tussentydse vergadering van die Raad belê het by die Landdroshof te Johannesburg in die distrik Johannesburg om 10-uur in die voormiddag op die 18de dag van Oktober 1963, vir oorweging van die volgende aangeleenthede:—

Aansoek ingevolge artikel *honderd-en-sestien* (*b*) van die Wet dat Criterion Bottle Store 1963 (Edm.), Bpk., die dranksaak bekend as Criterion Bottle Store, h/v Kerk- en Von Weillighstraat, Johannesburg, waarvan Cecil Louis Dorfman die lisensiehouer sal wees, in werklikheid beheer.

I. DEKENAH,
Voorsitter van die Raad vir Dranklisensiegebied No. 41.

Johannesburg, 30 September 1963.

NOTICE No. 684 OF 1963.

Monthly returns as at 31st August, 1963, in terms of section *thirteen* (3) of the Banking Act, 1942, of Institutions registered as Commercial Banks.

KENNISGEWING No. 684 VAN 1963.

Maandelikse opgawes per 31 Augustus 1963 ingevolge artikel *dertien* (3) van die Bankwet 1942, van Instellings wat as Handelsbanke geregistreer is.

	Barclays Bank D.C.O.	The Chase Manhattan Bank (S.A.), Ltd.	First National City Bank of New York (S.A.), Ltd.	French Bank of Southern Africa, Ltd.	Nederlandse Bank van Suid-Afrika, Beperk.	The South African Bank of Athens, Ltd.	The Standard Bank of South Africa, Ltd.	Die Stellenbossche Distriksbank, Bpk.	Volkskas, Beperk.	Total. Totaal.
Liabilities to the Public in the Republic and South West Africa.	R	R	R	R	R	R	R	R	R	R
Verpligtings teenoor die Publiek in die Republiek en Suidwes-Afrika										
Demand Liabilities	470,935,473	3,372,687	3,628,966	3,987,066	60,508,435	1,746,661	406,654,767	2,744,995	155,051,582	1,108,630,632
Onmiddellik opeisbare verpligtings										
Time Liabilities	149,862,776	4,593,392	8,655,444	12,653,915	27,571,709	761,198	121,513,347	2,416,683	72,872,068	400,900,532
Termynverpligtings										
Total Liabilities to the Public	620,798,249	7,966,079	12,284,410	16,640,981	88,080,144	2,507,859	528,168,114	5,161,678	227,923,650	1,509,531,164
Totale verpligtings teenoor die publiek										
Assets in the Republic and South West Africa.										
Bates in die Republiek en Suidwes-Afrika.										
Subsidiary Coin	2,487,740	11,842	1,447	8,047	291,740	6,496	1,788,166	4,954	614,092	5,214,524
Pasmunt										
Gold Coin and Bullion	152,543	—	—	—	—	—	10,799	—	—	163,342
Goudmunt en Staafgoud										
Notes of South African Reserve Bank	14,779,577	72,804	53,094	97,046	1,602,308	39,482	13,411,363	75,821	4,128,645	34,260,140
Suid-Afrikaanse Reserwebanknote										
Credit Balance in South African Reserve Bank	50,218,152	588,706	415,837	676,059	6,897,807	384,718	44,341,753	365,000	16,692,319	120,580,351
Kredietsaldo in Suid-Afrikaanse Reserwebank										
Credit Balance in National Finance Corporation of South Africa	7,500,000	300,000	100,000	730,000	600,000	100,000	15,900,000	200,000	8,750,000	34,180,000
Kredietsaldo in Nasionale Finansiekorporasie van Suid-Afrika										
Total Cash Reserves	75,138,012	973,352	570,378	1,511,152	9,391,855	530,696	75,452,081	645,775	30,185,056	194,398,357
Totale kontant reserwes										
Other Liquid Assets	229,825,283	3,239,540	6,041,664	4,927,727	23,367,448	840,055	159,487,485	1,112,011	64,665,392	493,506,605
Ander Likwiede Bate										
Total Liquid Assets	304,963,295	4,212,892	6,612,042	6,438,879	32,759,303	1,370,751	234,939,566	1,757,786	94,850,448	687,904,962
Totale Likwiede Bate										
Total Loans and Discounts	331,546,077	4,145,555	6,619,297	11,940,482	64,185,440	1,194,785	320,905,656	4,005,113	143,438,304	887,980,709
Totale Lenings en Diskonterings										
Ratios.										
Verhoudingsyfers.	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
Liquid Assets Ratio	49.95	50.76	77.14	43.61	37.90	56.57	44.32	34.14	43.67	46.31
Likwiede Bateverhouding										

TENDERS.

All Tenders published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

LIST OF APPROVED TENDERERS FOR EARTHWORKS, STRUCTURAL STEELWORK AND STRUCTURAL CONCRETE WORKS.

The Administration, in pursuance of the notice which appeared in *Government Gazette* No. 3691 of the 6th August, 1946, has decided to place the name of General Erection (Tvl.) (Pty.), Ltd., Wadeville, on its list of approved tenderers for structural steelwork exceeding R30,000 in value.

J. P. HUGO,
General Manager.

✱ TENDER No. B.9952.

Tenders are invited for the supply and delivery of the following: —

50 Bulk cement Bogie tank wagons.

Tender documents may be inspected at the office of the Chief Stores Superintendent, Room No. 805, S.A. Airways Centre, off Rissik Street Bridge, Johannesburg and may be obtained on a deposit of R50 per set, additional sets R25 per set.

The relevant drawings may be purchased for the sum of R50 per set (which amount is not refundable).

Tenders will be received by the Chairman of the Tender Board not later than 9 a.m. on Friday, 10th January, 1964.

The Administration does not bind itself to accept the lowest or any tender.

J. P. HUGO,
General Manager.

TENDERS.

Alle Tenders wat vir die eerste maal gepubliseer word is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.

LYS GOEDGEKEURDE TENDERAARS VIR GRONDWERKE, STAAL- EN BETONBOUWERK.

Die Administrasie het ingevolge die kennisgewing in *Staatskoerant* No. 3691 van 16 Augustus 1946 besluit om die naam van General Erection (Tvl.) (Pty.), Ltd., Wadeville, op sy lys goedgekeurde tenderaars vir staalbouwerk vir meer as R30,000, te plaas.

J. P. HUGO,
Hoofbestuurder.
12292—11

✱ TENDER No. B.9952.

Tenders word ingewag vir die lewer van die volgende:

50 draaisteltenktrokke vir die vervoer van sement in massa.

Die tenderdokumente lê ter insae in die kantoor van die Hoofmagasynsuperintendent, Kamer No. 805, S.A. Lugdienssentrum (langs Rissikstraatbrug), Johannesburg, waar dit teen 'n deposito van R50 per stel (bykomende stelle R25 per stel) verkrygbaar is.

Die betrokke tekenings kan gekoop word teen R50 per stel wat nie terugbetaalbaar is nie.

Tenders moet die Voorsitter van die tenderraad nie later as 9 vm. op Vrydag, 10 Januarie 1964 bereik nie.

Die Administrasie is nie verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie.

J. P. HUGO,
Hoofbestuurder.
12295—11

✱ TENDER No. V.D. 939.

Tender documents for the lease of the concession for the sale of light refreshments, and other travellers' requisites, at Inhlazane station, may be obtained from the Catering Manager, P.O. Box 6140, Johannesburg, and the Station Master, Inhlazane.

This tender closes at 9 a.m. on Friday, 25th October, 1963.

J. P. HUGO,
General Manager.

✱ TENDER No. CCE. 278.

Tender documents for platelaying and stone ballasting for the doubling of the line between Britsville and Poupan, in the Cape Province, may be inspected in the office of the Resident Engineer, Construction, Room No. 1009, Paul Sauer Building, Heerengracht, Cape Town, the District Engineer, Construction, De Aar, and the Chief Civil Engineer, Room No. 282, Tippett Building, Johannesburg.

On payment of a deposit of R4 (four rand) tender documents may be obtained from the offices of the Resident Engineer, Construction, Cape Town, and the District Engineer, Construction, De Aar.

This tender closes punctually at 9 a.m., on Friday, 8th November, 1963.

J. P. HUGO,
General Manager.

✱ TENDER ALTERATIONS.

C. 9932	Amendment No. 1..	S.A. manufactured overhead electric travelling crane. Description item 1 amended. Closing date, 18th October, 1963.
C. 9877	Amendment No. 2..	Traction substation equipment. Closing date extended to 25th October, 1963.
A. 5008	Amendment No. 1..	Description and specification amended. Closing date, 25th October, 1963.

Any further information may be obtained from the Chief Stores Superintendent, S.A. Airways Centre, off Rissik Street Bridge, Johannesburg, or from any S.A.R. Stores Superintendent.

J. P. HUGO,
General Manager.

Johannesburg.

✱ TENDERS.

STORES DEPARTMENT.

Tenders are invited for the supply of the following:—

Tender No.	*Material and required at.*	*Closing Date.*
A. 5040	Phenol formaldehyde resin bonded plyboard, Bloemfontein and Salt River	25/10/63
C. 5053	Electric lamps, various centres.....	1/11/63
E. 9988	Ice, various centres.....	1/11/63
E. 9958	Kerosene, various centres.....	1/11/63
M.C. 5000	Jerseys, Braamfontein and Culemborg.....	8/11/63
C. 5022	Insulators, various centres.....	8/11/63
F. 5067	Tractor shovel, Durban.....	8/11/63
C. 5015	Mica tape, Langlaagte.....	8/11/63
F. 5006	Roof ventilators and drivers seats for buses, Langlaagte	22/11/63
H. 5028	Boiler tubes and pipes, various centres.....	22/11/63

